



# Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

# Kompass



**Jaargang 22 no 05**  
Mei 2013

Die mooiste skat.....	2
Omkeerstrategie.....	4
Kopiereg (2) – Bybelse riglyne en toepassings.....	6
Die sterwende: die taak van die dokter en die verpleegster.....	9
Kaethe von Bora: steunpilaar in die Reformasie (2).....	12
Onderwysing in die Christelike leer.....	15
'n Nuwe pous.....	18
Suid-Amerikaanse sosialisme.....	21
Mei Boekenuus.....	24

## Christus is Koning

Op 30 April het die Nederlandse prins Willem-Alexander die koningskap oorgeneem by sy moeder koningin Beatrix. Voorwaar 'n grootse gebeurtenis vir baie van ons wat nog bande met Nederland het. Die Huis van Oranje is ook nie onbekend in Suid-Afrika nie. 'n Nuwe koning vir Nederland. Ondanks die seremoniële funksie tog 'n invloedryke persoon wat wetgewing en koninklike besluite betref.

Met artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis bely ons dat God vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag konings, vorste en owerhede aangestel het. En alhoewel God oënskynlik nie by die huldiging in Amsterdam teenwoordig was nie, was Hy wel deeglik daar. Hy het alles in die hand.

Daarom kan ons ook met reg bid vir elke owerheid en mag wat oor ons aangestel is. Ook op die vasteland van Afrika. Want ongemerk bereik die evangelie duisende van dié wat Hom liefhet en sy gebooie bewaar. In Nederland, in Suid-Afrika en weer verder noord tot selfs in Mali.

Gee dan aan die Koning, HEER, u regte en u geregtigheid. Sodat ons in alle godsvrug en eerbaarheid 'n rustige en stil lewe kan lei. En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here.



**Douwe Drijfhout** is lid van die Vrye Gereformeerde Kerk te Pretoria

# Die mooiste skat

## Uit die Bybel



*VERDER is die koninkryk van die hemele soos 'n skat wat verborge is in die saailand, wat 'n man kry en wegsteek; en uit blydskap daarvoor gaan hy en verkoop alles wat hy het, en koop daardie saailand.*

Mattheüs 13:44

### Inleiding

Hoe voel jy oor jou geloof wanneer jy met ongelowiges praat? Kan jy verduidelik hoekom dit nodig is om in Jesus te glo? Dit kan nogal moeilik wees teenoor mense wat die geloofwaardigheid van die Bybel verwerp.

Vir baie mense gaan die lewe net oor sigbare dinge. Dit wat tel, is: geld, werk, familie, 'n huis, kos; dalk ook dinge wat hulle goed laat voel: musiek, reis, kuns. Maar enigiets wat nie sigbaar is, enigiets wat bonatuurlik is of soos religie klink, is onbetroubaar en dalk misleidend. Om te praat van God, onsigbare engele, 'n koninkryk wat kom, en 'n oordeel, dit beskou hulle maar as nonsens.

Dit laat ons, Christene, dikwels snaaks of selfs dom voel. Hulle verwyf jou dat jy jou brein by die huis los wanneer jy wetenskap beoefen. Jy glo stories wat nie meer is as net dit nie: net stories.

Dalk kan jy verduidelik hoekom dit nodig is om in Jesus te glo. Jy kan vertel oor ons sondes en God se oordeel; oor die kruis en opstanding van Christus wat ons red. Maar dit is tog amper onmoontlik om met entoesiasme vir ander mense te vertel hoe mooi dit is om te glo.

Jesus het die boodskap van die koninkryk verkondig. Hy gee geen rasonale bewyse nie. Hy vertel hoe die koninkryk groei: jy moet pasop dat jy dit nie onderskat nie! Hy waarsku ook teen die oordeel en spoor aan om betyds die koninkryk binne te gaan. In die gelykenis van die verborge skat en die koopman van pêrels wys Hy hoe pragtig en aantreklik die koninkryk is.

Jy kan sê: hierde twee gelykenisse wys vir jou wat die koninkryk met jou hart doen.

### Die verhaal

'n Man bewerk 'n land. Hy spit dit om of hy grawe dalk 'n gat vir 'n fondament. Skielik tref sy graaf 'n erdepot. Dit breek. Daar glinster iets. Hy grawe versigtig, met sy hande. Wat is dit? Daar is goue munte en juwele. Dis 'n geweldige skat!

In daardie tyd was daar nie banke waar jy jou geld bewaar het nie. Jy begrawe dit op 'n veilige plek, in jou tuin of in jou akker. Maar toe hierdie skat se eienaar skielik gesterf het, het sy geheim saam met hom in die graf verdwyn. Niemand in die familie weet nog van hierdie spaarpot onder die grond nie. Maar nou vind die dagloner wat vir die familie werk, die skat. Die man dink na: wat sal ek maak? Hy wil hierdie skat hê. Hy kan natuurlik nie met R1 miljoen se juwele en munte in die dorp opdaag nie. Almal gaan vra waar hy die geld gekry het. Hulle weet waar hy werk. Die eienaar gaan dit natuurlik terugeis. Of hulle gaan hom beskuldig dat hy dit gesteel het. Hy kyk om hom of iemand hom gesien het. Nee. Hy besluit om die gat weer toe te maak. Hoe kan hy hierdie skat in sy besit kry? Net deur die land te koop. Maar die land kos verskriklik baie. Om dit te kan bekostig, moet hy alles verkoop. Sy eie stukkie land (wat vir hom en sy gesin kos oplewer), sy huis dalk. Net eenvoudig alles.

Dan koop hy die land. En so is hy ook die eienaar van die skat.

Vir die gelykenis maak nie dit nie saak of dit wat die man doen, eties is nie. Die hoofsaak van elke gelykenis wat Jesus vertel, is die verrassende element. Wat is dit in hierdie gelykenis?

### Verborge

Die waarde en die skoonheid van die koninkryk van die hemel is verborge. Jy sien dit nie sommer raak nie.

Die eerste ding wat opval, is dat so-iets nie elke dag gebeur nie: jy grawe en vind 'n verborge skat. Seerowers droom daarvan: 'n skatkaart van 'n eiland ver weg. Kinders hou van sulke verhale. Maar so-iets

gebeur nie in die daaglikse lewe nie. Jy moet net werk om geld te kry.

Jesus gebruik dit as 'n illustrasie van die koninkryk van die hemel.

Dit is verborge in die wêreld. Die waarde en die skoonheid is verborge. Jy sien dit nie sommer raak nie.

Dis nou presies wat die mense wat sigbare dinge nastreef (materialisme), nie raaksien nie. In hulle wêreld beteken heiligheid, geregtigheid, vrede met God en vergewing niks nie.

En wanneer hulle die koninkryk raakloop, bv. in 'n persoon of 'n kerk wat liefde bewys, dink hulle dis 'n teken van swakheid. Hulle kan nie die waarde daarvan raaksien nie.

Vir baie mense is die koninkryk se waarde en skoonheid verborge.

Die verborge karakter van die koninkryk word die heel duidelikste in Jesus. Hy loop maar net rond, preek en genees mense. Hy verslaan nie die Romeinse Ryk met 'n groot weermag nie. Hy slaan nie terug wanneer hy geslaan word nie, hy laat toe dat hulle hom arresteer en aan die kruis vasspyker. Hy is die simbool van swakheid. Ons wêreld hou nie daarvan nie. Wie wil nou so 'n swak mens, so 'n 'loser' volg?

## Gesog

Die persoon wat die skat vind, se oë gaan oop. Dit is geweldig! Dis wat ek soek!

Daarteenoor sien jy die geweldige waarde en aantreklikheid van die skat. Die persoon wat die skat vind, se oë gaan oop. Dit is geweldig! Dis wat ek soek! Wonderlik! Ek wil dit nie meer verloor nie. Die gelykenis beskryf nie eens die verwondering van die man nie. Maar jy kan dit lees in die dinge wat hy doen nadat hy die skat gevind het: hy doen alles wat hy kan, alles wat nodig is om die skat in die hande te kry. Die skat het sy hart verower. Dit is alles vir hom.

Wat vir my spesiaal is van die gelykenis, is dat dit so kort is. Net een vers in die Bybel (en in die volgende twee verse vertel Jesus 'n vergelykbare storie met dieselfde betekenis). Jesus is 'n meester in die vertelkuns! Hy kan vir ons met een vers wys hoe aantreklik die koninkryk is, en hoe dit jou hart só verower dat jy alles wil doen om dit te kry.

Die koninkryk van die hemel is die hoogste skat in die hele wêreld. As jy dit eenmaal ontdek het, soek jy niks anders meer nie.

Die koninkryk is gesog. Dit is die hoogste skat in die hele wêreld. As jy dit eenmaal ontdek het, soek jy niks anders meer nie.

Wanneer God jou oë open vir sy koninkryk, is dit dus regtig baie besonders, op twee maniere: dat hy jou oë daarvoor oopmaak (jy sou dit self nie raakgesien het nie), en die koninkryk self is besonders, gesog.

Die koninkryk is gesog, is uniek en spesiaal. Dit spring dadelik na die boonste plek van jou prioriteitslysie. Dit is alles!

Dit is vir ons belangrik om dit raak te sien. Jesus argumenteer nie. Hy spreek tot jou verbeelding. Die koninkryk is die vervulling van al jou drome. Jy soek betekenis, vreugde, geluk, genieting, toekoms, hoop, en nog baie ander dinge. Die duiwel verlei jou om dit te soek in aardse dinge. Maar daardie dinge bring jou nooit wat jy regtig nodig het nie. En dit laat jou net vir jouself lewe. Dit trek jou van God af weg, die duisternis in.

Vir onself het dit groot betekenis. Sien ek die koninkryk wel as my hoogste prioriteit? Is ek bereid om alles daarvoor op te gee? Alles wat in die pad is om Christus te soek en te vertrou? Alles wat my daarvan weerhou om my gehoorsaam aan die Here toe te wy? Het ek die koninkryk regtig al raakgesien? Spreek dit tot my verbeelding, vul dit my hart?

Sonder argumente kan die ongelowiges gewen word deur ons liefde en opoffering vir Christus en sy koninkryk.

Dit kan ons ook help in ons kontakte met ongelowiges. Met redenerings en bewyse kan teenwerpings dalk weggeneem word. Dit het 'n sekere waarde. Maar laat ons nie dink dat dit die ding gaan doen nie. Mense gaan Christus nie liefhê voordat God nie hul oë oopgemaak het vir die skoonheid van Christus nie. Hy is die Verlosser wat jy nodig het. Sy liefde is die diepste verhouding wat jy ooit kan kry. Hy gee Homself vir sy vyande in die dood. Hy gee sy Heilige Gees as die kosbaarste geskenk wat jy maar kan ontvang.

Dit is wat mense moet hoor. Moenie jou in 'n hoek laat druk nie, asof jou geloof maar net 'n storie is nie. Moenie dat jy begin glo dat jy 'n dwaas is om dit te glo nie. Die evangelie is dwaasheid (1 Korintiërs 1) vir die wêreld. Net wanneer sondaars na hulself in die spieël van God se Woord gaan kyk, sal hulle die waarde van Christus en sy koninkryk raaksien.

Christene mag nie struikelblokke vir ongelowiges wees nie. Daarom moet ons nie die indruk wek dat dit 'n las is om te glo en ons aan Christus toe te wend nie.

Wanneer ons sonder om te kla alles opoffer wat nodig is om die koninkryk te ontvang, gebeur twee dinge: ons eer God omdat ons die koninkryk se

waarde erken en prys; en ons kan vir ongelowiges wys hoe spesiaal die koninkryk is. Sonder argumente kan hulle gewen word deur ons liefde en opoffering vir Christus en sy koninkryk.

*Ds Dirk Maurits Boersma is sendeling van die Vrye Gereformeerde Kerk in Akasia (Living Hope)*

# Omkeerstrategie

## Op soek na bekering

### Kerknuus

Daar is in die GKSA 'n daling in getalle. Die sinode het deputate aangewys om op die volgende sinode in 2015 met 'n omkeerstrategie te kom.

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is nou al 'n goeie 16 jaar besig om te besin oor waarom die getal lidmate jaar na jaar krimp. Op die algemene sinode van Januarie 2012 is deputate aangewys om op die volgende sinode in 2015 met 'n omkeerstrategie te kom. Hierdie deputate het nie stilgesit nie en moedig kerke voortdurend aan om ook skouer aan die wiel te sit en nie op die deputate en op die volgende sinode te wag nie. In 'n brief aan kerkrade het deputate predikante en kerkrade gevra om nie op deputate te sit en wag nie, maar om self inisiatiewe te neem om die algemene agteruitgang en inkrimping van gemeentes om te draai. Intussen duur die daling in getalle jaar na jaar voort. In die jongste jaarboek van die GKSA, die Almanak 2013, was die daling 2 376 en het die totale getal lidmate in 2012 op 99 422 te staan gekom. As 'n mens bereken dat die gemiddelde getal lidmate in die GKSA se 397 gemeentes 250 is, beteken dit 'n inkrimping van ongeveer nege gemeentes in een jaar.

Kan hierdie tendens werklik omgekeer word? Dr H L Reeder was verlede jaar in Suid-Afrika en het 'n kursus oor kerkherlewing aangebied. Blykbaar is reeds tien gemeentes besig om daardie lesse toe te pas.

Kan hierdie tendens werklik omgekeer word? Deputate wys op voorbeelde van suksesvolle omkeerstrategieë in Gereformeerde kerke in Brasilië en die Presbiteriaanse kerke in Amerika. Dr H L Reeder van laasgenoemde

kerke het 'n boek daarvoor gepubliseer: "From embers to a flame: How God can revitalize your church".

Reeder was verlede jaar in Suid-Afrika en het 'n kursus oor kerkherlewing aangebied. Blykbaar is reeds tien gemeentes besig om daardie lesse toe te pas. Die moontlikheid bestaan dat Reeder binnekort weer kursusse in Suid-Afrika kom aanbied.

Verskeie klassisse en streeksinodes hou ook spesiale byeenkomste om te besin oor wat gedoen moet en kan word.

Die kommer en die wil om iets aan die inkrimpende tendense te doen, bestaan al sedert 1997 se sinode. Toe is 'n rits besluite geneem, onder meer dat ernstige aandag gegee moet word aan die verbetering van 'n hele aantal aspekte in gemeentes, soos die inhoud en die aanbieding van die prediking, die pastorale bediening, die uitlewing van die diakenamp, katkisasie, jeugsorg, ensovoorts. Daar moes meer geboortes kom, evangelisasie moes meer aandag kry en van die Teologiese Skool is gevra om leiding te gee, onder meer deur spesiale kursusse vir predikante.

Die saak is opgevolg deur die sinode van 2000. Weer is goeie besluite geneem en daar is in algemene terme gewys op 'n lang lys tekortkominge of probleemgebiede, soos lidmate se verwêreldliking, rassisme, metodisme, ampsoorheersing, individualisme en dergelike meer. Maar op daardie sinode is geen nuwe deputate aangewys nie en die saak het in 2003 min of meer doodgeloop.

Na aanleiding van verskeie beskrywingspunte het die sinode van 2012 die saak weer behandel en deputate aangewys om 'n strategie te bedink vir die volgende sinode. Opdrag is gegee dat 'n studie gemaak moet word van die tendens en sy oorsake en wat om op Skrifgetroue wyse op die lang termyn te doen.

Intussen is daar in die kerke en ook onder die deputate nie eensgesindheid byvoorbeeld oor die term “omkeerstrategie” nie. Moet ‘n mens nie liewers oor ‘n bekeringstrategie of ‘n nuwe lewe-strategie of ‘n groei-strategie praat nie? Klem word ook daarop gelê dat dit nie oor getalle mag gaan nie, maar wel oor die beginsel wat blyk uit Openbaring 2:4-5: kerke mag nie hul eerste liefde verlaat nie!

Volgens die deputate is die probleem onder meer die gevolg van ‘n geloofskrisis, lidmate se gebrekkige verhouding met God en hul naaste, selfgerigtheid, ‘n swak kerkbegrip, verkeerde bedieningstyl en ‘n onkritiese houding teenoor die Westerse (en die Afrika-) kultuur.

As dit nie oor getalle (mag) gaan nie, wat is dan die krisis? Volgens die deputate is die daling in getalle onder meer die gevolg van ‘n geloofskrisis, lidmate se gebrekkige verhouding met God en hul naaste, selfgerigtheid, ‘n swak kerkbegrip, verkeerde bedieningstyl en ‘n onkritiese houding teenoor die Westerse (en die Afrika-) kultuur.

Dit laat die vraag wat dit alles konkreet beteken. Wat is verkeerd met die bediening, met lidmate se verhouding met God, met hul kerkbegrip, selfgerigtheid en die kultuur waarin die lidmate lewe? Met ander woorde: van wat in die praktyk van leer en lewe moet predikante, ampsdraers en lidmate hulle bekeer?

Dit is nie maklik om konkreet te wees nie, want dit kan tot baie onenigheid lei om dinge by die naam te noem. Tog kan dit noodsaaklik wees.

Dit is nie maklik om konkreet te wees nie, want dit kan tot baie onenigheid lei om dinge by die naam te noem. Tog kan dit noodsaaklik wees. As ‘n mens byvoorbeeld in die Versamelde Werke van Totius lees (kyk byvoorbeeld na deel 7), dan is dit opvallend hoe hy dinge konkreet by die naam noem. En dit was in jare toe die GKSA nog gegroei het!

In vandag se terme sou ‘n mens kon dink aan die

talle wêreldse invloede van die televisie en ander media, internet, sportverafgoding, Sondagsontheliging, materialisme, hedonisme, ensovoorts waaraan lidmate en veral dooplidmate deurlopend blootgestel word, as hulle nie reeds daaraan verslaaf is nie. Dit is alles invloede wat nie sommerso by ‘n mens en veral nie by ons kinders verbygaan nie. Totdat dit nie eerlik en nugter onder oë gesien word nie, kan die kwaad mos nie bestry word nie? Daarom ook die vraag: Die huidige situasie moet krities ontleed word, maar tog sekerlik aan die hand van deeglike ekse-gese oor wat die Bybel – byvoorbeeld die profeet-boeke – oor hierdie soort sake leer?

Deputate is tans besig om ‘n strategie te ontwerp. Daar word gedink aan vier bene: bid, groei, lei op en rig in.

Deputate is tans besig om ‘n strategie te ontwerp. Daar word gedink aan vier bene: bid, groei, lei op en rig in:

- Bid impliseer ‘n gebedslewe, bekering, dankbaarheid en verdieping in die geloof.
- Groei impliseer dinge soos begeleiding, naaste-liefde, Bybelstudie, huisgodsdien, uitreikaksies, sending en kerkplanting.
- Opleiding impliseer dat predikante, kerkrade, gemeentes beter opgelei moet word, onder andere deur fasiliteerders en informele kerkleiers, toerustingsmateriaal en die Teologiese Skool wat meer gerig moet wees op die bediening en nie op die akademie soos tans nie.
- Inrig impliseer bemagtiging, leierskap, benutting van gawes, groepsbediening, noodleniging en bou van liefdevolle verhoudings.

Gaan al die denke en ontledings help of gaan dit net lei tot “analysis paralysis”? Want ten diepste gaan dit om bekering. Dit kan slegs die Here gee. Dan gee Hy roepingsbesef en brandende harte wat die kerke so nodig het.

**Rob van der Kooy** is lid van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar te Pretoria

# Kopiereg (2) – Bybelse riglyne en toepassings

## Leer en lewe

Die vorige artikel het 'n oorsig gegee oor wat kopiereg is en waar dit vandaan kom. Hierdie artikel kyk na: wat maak ons as Christene daarmee? Wat maak ons met die huidige kopiereg-wetgewing, en hoe moet ons dink oor die morele en etiese aspekte daarvan?

### Burgerlike gehoorsaamheid

Uit die staanspoor moet ons erken dat kopiereg vandag realiteit is, en dat daar ook in Suid-Afrika wetgewing is wat dit uitspel en ook ander lande se kopiereg erken. Tensy ons kan aantoon dat die kopiereg in stryd is met ander Bybelse riglyne, geld hierdie ook vir ons. En meestal word ons kreatiewe argumente dan maar te lig bevind as ons lees in Romeine 13: *Daarom is dit noodsaaklik om*

*jou te onderwerp, nie alleen ter wille van die straf nie, maar ter wille van die gewete.*



### Jy mag nie steel nie

As ons daarvan uitgaan dat kopiereg effektief is, en dit regkry om 'n goeie balans te stel tussen al die partye ter sprake, dan is die skending van kopiereg gelyk aan diefstal.

Hierdie is seker die eenvoudigste argument wat dikwels gebruik word in die kopiereg-debat. Die vraag is of kopiereg so eenvoudig soos diefstal is. Geld die diefstalverbod ook vir 'n kopie? Alle Bybelse voorbeelde assosieer

steel met die neem van 'n fisiese item – waar die oorspronklike eienaar nou nie meer sy item kan gebruik nie. Die dief ontnem die eienaar sy eiendom. Maar met 'n kopie is dit nou meer ingewikkeld. In die geval van digitale produkte neem ek nie die oorspronklike nie – ek neem net 'n kopie. Die voorbeelde uit die Bybel dateer natuurlik uit 'n tyd wat nog nie die massa dupliseer-tegnologie geken het nie. Uiteraard sal ons dus nie 'n direkte kopie-voorskrif kry nie. As ek 'n skryfwerker betaal om vir my 'n stoel te maak, is die stoel my eiendom. Niemand gaan my keer om 'n kopie te maak van die stoel nie (kom ons neem maar aan ek het die toerusting en vermoëns om dit te doen). Maar as ek 'n kopie wil maak van 'n CD wat ek gekoop het, mag ek nie. Is dit nie inkonsekwent nie? Hoekom kry die musikant beskerming van kopiereg, maar nie die skryfwerker nie?

Soos in die eerste artikel genoem, probeer kopiereg 'n balans vind tussen die outeur, die uitgewer en die koper se regte. In die geval van die skryfwerker is sy volledige arbeid en materiale vervat in die prys wat ek vir die stoel betaal, maar 'n mens kan nie dieselfde sê van die musikant nie. Die uitgewer het baie uitgawes aangegaan en risiko's geneem om die opname te maak, en hoop om daarna 'n klomp van die CD's te verkoop sodat hy sy mense in die maatskappy kan betaal. Jy koop dus 'n kopie van die opname met 'n beperkte gebruik, maar dan teen 'n fraksie van die prys. As ons daarvan uitgaan dat kopiereg effektief is, en dit regkry om 'n goeie

balans te stel tussen al die partye ter sprake, dan is die skending van kopiereg baie dieselfde as die diefstal waarvan ons in die Bybel lees, waar jy die geld wat die musikant toekom, nie betaal nie. As ons vir 'n oomblik verby Romeine 13 kyk en filosofies na die probleem kyk, dan is die vraag nie óf kopiereg diefstal is nie, maar eerder of ons huidige kopiereg-wetgewing effektief is of nie. Kry die kopiereg-wetgewing dit reg in die moderne eeu van virtuele goedere, massa-reproduksie met minimale kostes en beskerming van intellektuele eiendom, om 'n goeie balans te vind tussen die outeur, die uitgewer en die koper?

### Super winste

Vir 'n klomp produkte is dit waarskynlik waar dat ons kan praat van buitensporige winste wat deur uitgewers (en musikante) gemaak word. Uitgewers maak groot winste met groot treffers. Maar die teen-argument is dat hulle miskien met baie ander produkte 'n verlies maak – en daar is dalk baie meer daarvan as wat daar suksesverhale is. Ek sou nog kon saamstem dat die kopiereg-wetgewing van vandag waarskynlik bietjie oorhel ten gunste van die uitgewers, en ten koste van die kopie-koper en outeur. Die uitgewersbedryf probeer uiteraard hulself beskerm, en oor die jare het die wetgewing meer vir hulle regte opgekom as vir dié van die verbruikers en outeurs.

Hierdie argument is veral van toepassing op digitale produkte, waar daar glad nie 'n produksiekoste is om 'n kopie te maak nie. Waar 'n elektroniese boek vandag

net marginaal goedkoper is as 'n papier-kopie, is my mening dat dit aansienlik goedkoper behoort te wees. Ek wil nie in detail op hierdie debat ingaan nie – maar het die rol van die uitgewer nie baie afgeneem nie? Tog klou die uitgewers nog aan die tradisionele ekonomiese regte waar hy histories 'n baie meer prominente rol in die publikasieproses gespeel het.

### Kopiereg-polisie?

Anders as by ander diefstal, is kopiereg oor die algemeen nie 'n kriminele reg nie. En soos die sondige mens nou maar is, gaan hy makliker oortree as hy weet die waarskynlikheid dat iemand iets gaan doen, amper nul is. Dit bring ons weer terug na Romeine 13... dit gaan vir 'n Christen nie oor die *straf* nie, maar oor die *gewete*.

Baie min lande het 'n kopiereg-polisie wat die samelewing aktief patrolleer. En as daar polisie-organisasies is, is hulle dikwels gespesialiseer op een of ander aspek van kopiereg of 'n baie spesifieke teikenmark; maar daar is nie regtig iemand wat hier by my huis gaan instap en 'n oudit gaan kom doen of ek lisensies het vir al die kopieë wat in my huis is nie. Die onus rus op die eienaar van die kopiereg om toe te sien dat niemand sy werk kopieer nie. Kopiereg-geskille word tipies in die hof beslis, en dit maak die koste daaraan verbonde baie hoog.

Anders as by ander diefstal, is kopiereg oor die algemeen nie 'n kriminele reg nie. Dit raak net 'n kriminele saak sodra die materiaal wat gekopieer is, weer verkoop word op 'n kommersiële basis. Die praktyk wys egter dat wetgewing

net effektief is as dit gekontroleer en toegepas word. En soos die sondige mens nou maar is, gaan hy makliker oortree as hy weet die waarskynlikheid dat iemand iets gaan doen, feitlik nul is. Dit bring ons weer terug na Romeine 13... dit gaan vir 'n Christen nie oor die *straf* nie, maar oor die *gewete*. Ek wil afsluit met 'n paar baie praktiese voorbeelde en dilemmas van die moderne samelewing. En laat ons mekaar opskep in hierdie verband, sodat ons 'n lig in die wêreld kan wees, en nie saamgesleur word deur die wêreldse praktyke nie.

### Kopiereg op die Bybel en Christelike materiaal

Mag daar kopiereg op die Bybel wees? As dit God se Woord is, kan daar mos nie kopiereg daarop wees nie? Dink maar aan wat Paulus sê in 1 Korinthiërs 9: "... dat ek die evangelie van Christus kosteloos bring...". Baie uitgewers het kopiereg wel vir hulleself toegeëien. Veral in die digitale era waar duplisering feitlik niks kos nie, bly dit maar teenstrydig. Die Woord van God moet immers versprei word? Aan die een kant kan jy redeneer dat daar op alle Christelike werke – Bybelverklarings, preke, en ook artikels in *Kompas* – geen kopiereg behoort te wees nie. In uitsonderlike gevalle, waar dit gaan oor broodgeld in 'n tentmakersbediening-opset, kan jy dalk 'n uitsondering maak. Maar as dit kan dien tot verspreiding van die evangelie, wie is ons dan dat ons finansieel daarby wil baat?

### Die Internet en digitale media

Met die opkoms van die digitale era is die Internet gebou as 'n wêreldwye openbare netwerk van rekenaars wat met mekaar kan gesels in 'n standaard rekenaar-

taal. Met elektroniese pos kan jy nou baie vinnig boodskappe rondom die wêreld stuur, en deur middel van webwerwe kan jy inligting bekendstel vir enigiemand wat belangstel. Die Internet het die verspreiding van inligting net soveel makliker gemaak. En onder inligting verstaan ons webwerwe, musiek, video's of watter digitale medium ook al.

Maar net so maklik soos wat jy inligting wettiglik kan versprei, kan jy nou ook inligting onwettig versprei. En so ken ons vandag netwerke wat, waar dit aanvanklik dalk goeie toepassings gehad het, vandag totaal gekaap is deur gebruikers wat geen ontsag vir kopiereg het nie. En kom ons noem dit maar by die naam: die generiese *file-sharing*-dienste, of die sogenaamde *Peer to peer (p2p) torrents* – wat vandag 'n baie gewilde metode is om musiek en films te versprei; *hacker* webwerwe met *cracks* en lisensiekode-systap-programmatuur om mense toegang tot sagteware te gee wat dit nie gekoop het nie; en selfs 'n diensverskaffer soos *YouTube* (daardie webwerf met al die oulike filmpies) het ontaard in 'n muisnes van onwettig gekopieerde beeldmateriaal. Dit laat 'n mens wonder as analiste beraam dat tot 95% van alles wat op *YouTube* is, materiaal is waar kopiereg geskend is...



Dit maak die platform nie per definisie verkeerd nie. Natuurlik kan jy ook preke effektief op 'n *file sharing platform* versprei. Of 'n erediens op *YouTube* laai. Maar al daardie musiek en films waarmee jy dan gekonfronteer word, maak die versoeking baie groot. Tegnies

gesproke is dit ook nie onwettig om enigiets daar af te laai nie – of dit nou ‘n *file* op ‘n *filesharing website* is of ‘n filmpie op *YouTube*. Die platforms se gebruikersvoorwaardes is so slim opgestel dat hulle (as diensverskaffer) ook totaal onskuldig is – en alle skuld skuif na die persoon wat dit oplaai. En omdat hierdie netwerke so groot is, het dit haas onmoontlik geword om polisieman te speel en elke *movieclip* te gaan kyk, elke musieksnit te gaan beluister, en elke rekenaarprogram te gaan kontroleer of dit nou ‘n kopieregskending is of nie. Daarom word die kopiereg-eienaars ook uitgenooi om enige skending te rapporteer waar hulle kopiereg geskend word, en word daar dan ook teen gebruikers opgetree. Maar die oortreders het ook al slim geword.... as die “oplaaier” in ‘n land sit wat nie kopiereg-wetgewing het, en nie ander lande se kopiereg erken nie (dink aan ‘n plek soos Somalië) – dan kan jy mos ook nie regtig teen hulle optree nie? Maar is die Afrikaanse spreekwoord *die deler is so goed soos die steler* nie hier van toepassing nie? Waar die *steler* dan die persoon is wat dit oplaai, en die *deler* die persoon is wat kyk of aflaai nie? Hierdie gesegde kom in ‘n effens ander vorm in Spreuke 29 voor: *Hy wat saam met ‘n dief deel, haat sy eie siel.*

### Advertensies

Baie diensverskaffers soos *YouTube* en *UitzendingGemist.nl* (Nederlandse webwerf waar jy programme wat jy gemis het, oor die Internet aflaai en daarna luis-ter of kyk) verkry hulle inkomste uit advertensies. Hulle bombardeer jou met advertensies, maar in ruil daarvoor kan jy dan die dienste gratis gebruik, mits jy dan bly by hulle diensvoorwaardes.

En die diensvoorwaardes sê tipies dat jy die materiaal net via hulle webwerf mag bekyk, sodat hulle advertensies kan verkoop. Maar in die praktyk van ons sondige wêreld word egter volledige reekse van programme so afge-laai en verder versprei. Nou is dit ook ‘n realiteit met ons beperkte Internet-toegang en spoed in Suid-Afrika dat, as jy tegnies streng by die wet bly, jy dit dus nie kan gebruik nie. As jy ‘n *YouTube*-video wil speel as deel van ‘n aanbieding op ‘n konferensie in die bosveld waar nie Internet-toegang is nie – wat maak jy dan? As die ingeboude speler so ‘n groot frustrasie is, kan jy dan maar een of ander *downloader* gebruik? Ook in hierdie opsig verskil dit van land tot land wat die aanvaarbare gebruik betref. Nederland is redelik pragmaties ten opsigte van hul wetgewing – jy kan maar *downloaders* gebruik, solank jy dit net vir jouself gebruik en nie verder versprei nie. Maar in ander lande is selfs die gebruik van hierdie *downloaders* tegnies onwettig.

### Rekenaar-sagteware

Die laaste voorbeeld wat ek wil noem, is dié van rekenaar-sagteware. Of dit nou *Windows*, *Office* of een van die jongste rekenaarspeletjies is – die praktyk waar dit ge-*copy* en orals versprei word, is ook ‘n baie ekplisiete vorm van kopiereg-skending, of soos die rekenaarmense dit ken: *sagteware-seerowers*. Hierdie praktyk kom ook heeltemal te veel onder kerkmense voor. Net soos in die geval van ‘n CD wat ‘n beperkte gebruik het, koop jy, wanneer jy ‘n rekenaar-program koop, nie die program self nie, maar net ‘n lisensie om dit te gebruik. Maar wie lees nou eintlik daardie eerste skerpie as jy die program installeer? Die meeste kommersiële

sagteware het nie ‘n outomatiese uitsluitingklousule wat vir jou vra of jy die rekenaarprogram gaan gebruik vir kommersiële doeleindes of nie. Dis so eenvoudig soos: as jy dit wil gebruik, moet jy ‘n lisensie hê om dit te gebruik. Of dit nou vir liefdadigheid, om ‘n gereformeerde tydskrif saam te stel, of vir persoonlike gebruik is. En as jy nie bereid is om daarvoor te betaal nie, is een van die alternatiewe dan om gratis (*freeware* en ook *open source*) rekenaarprogramme te gebruik. Dink aan *Linux*, *Ubuntu* en *OpenOffice*. Die dae dat hierdie net vir tegniese mense is, is iets van die verlede.



### Slotsom

Dis eenvoudig: moenie onwettige kopieë maak nie; moenie steel nie. Calvyn het al besef die agste gebod is nie beperk tot geld of goedere nie. Hy skryf in sy *Institusie* dat, as ons enigiemand iets ontnem wat hom toekom, dan is dit ‘n vorm van diefstal. Net so is dit ‘n vorm van diefstal as ek my baas se tyd steel deur lui te wees en nie te doen wat ek veronderstel is om te doen nie, is dit ook ‘n vorm van diefstal as ek die musikant nie wil betaal vir die musiek wat ek so graag luister nie; en as ek dink ek kan wegkom met ‘n *pirate copy* van *Microsoft Office* solank ek dit net gebruik vir die kerkwerk.

**Gerhard Bijker** is lid van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria



# Die sterwende: die taak van die dokter en die verpleegster

## Medies



Ons het die vorige keer gekyk na wat die Skrif sê oor die taak van die sterwende. Hierdie keer oor die taak van die dokter en die verpleegster, d.w.s. hulle wat die taak van die Here gekry het om die sterwende te versorg. Dit is belangrik om hierby stil te staan om sodoende 'n goeie perspektief op die versorgingstaak by 'n pasiënt se sterfbed te kan kry. Altesdins verval die debat oor die einde van lewe in 'n morele debat waarin oorweeg word wat toelaatbaar en nie toelaatbaar is nie. Die positiewe taak wat die dokter en verpleegster daarin het, bly dan al te dikwels op die agtergrond. As ampsdraers van Christus mag ons daarom in sy koninkryk die terminale siekes versorg. Ons mag dit doen agter Christus aan as profeet, priester en koning.

### Die dokter en die verpleegster as profeet

As dokter en verpleegster vra die Here nie van ons 'n absolute eerbied vir die menslike lewe nie. Hy vra van ons 'n absolute eerbied vir die Outeur van die lewe.

As profeet mag ons Christus volg en bely dat ons tye in sy hand is (Ps. 31:16). Dit gee onmiddellik rus en berusting wanneer ons ons taak uitvoer. Ons is nie self in beheer nie. Nee, ons bely dat ons diensknegte van Christus is. Dit mag ons ook teenoor die pasiënt bely: ons is slegs diensknegte van Christus. Profeties mag ons na die werk van sy Vader verwys wat die Outeur van al ons liggaamselle is. Ons mag na die

werk van die Gees verwys wat die fisiologie van elke sel van sekonde tot sekonde in stand hou.

As profeet mag ons ook op die beloftes van Christus wys wat Hy gegee het aan dié wat in die Here sterwe. Ons mag direk na ons sterwe by Vader in die hemel tuisgaan. Ons liggame mag opstaan, en dan volg die ewige lewe. Is God nie 'n God wat trou bly aan sy beloftes nie? Wat het van die beloftes in die Ou Testament geword wat God in sy verbond gegee het? Is hulle nie almal heerlik vervul in Christus nie? Hoeveel te meer sal die beloftes wat Christus self aan sy kinders in die nuwe verbond gegee het, nie ook heerlik in vervulling gaan nie? Hoe ken ons die HERE? Hy is mos trou aan sy beloftewoord! Hy doen wat Hy belooft. So mag ons in geloof aan ons pasiënte op die Woord van ons hoogste Profeet wys. Maar ons moet ook as dokters en verpleegsters ons eie beperktheid bely. Ons sal moet aanvaar en bely dat 'n onomkeerbare siekte nie meer deur ons hand genees sal kan word nie. Ons sal ons soms moet afvra of die resultaat van ons behandeling wel opweeg teen die nuwe-effekte en risiko's wat hierdie behandeling vir die pasiënt inhou. Geneesmiddels en moderne mediese ingrepe kan 'n duidelik onomkeerbare sterwensproses kunsmatig verleng. So 'n behandeling verleng die lyding sonder dat die pasiënt daarby baat. Dikwels is hierdie behandelings gebaseer op 'n krampagtige houding om die lewe te verleng. Dan moet ons bely dat ons beperk is in ons vermoë, dat ons liggaam verganklik is, en ons geloof rig op dit wat ons nie kan sien nie, maar wel definitief die realiteit is: Christus sal ons verganklikheid met onverganklikheid beklee (1 Kor. 15).

Prakties beteken dit dat jy as dokter of verpleegster nie meer ingrypend sal optree as die siekte duidelik onomkeerbaar is nie. Versorging van die pasiënt wat betref pyn en liggaamsfunksies is dan belangrik. Dit beteken dat jy nie nog 'n kursus antibiotika sal voorskryf as daar byvoorbeeld longontsteking ontstaan in 'n pasiënt met gevorderde kanker nie.

As dokter en verpleegster vra die Here nie van ons 'n absolute eerbied vir die menslike lewe nie. Hy vra van ons 'n absolute eerbied vir die Outeur van die lewe. Dan is nie die menslike liggaam nie, maar God se gebod en sy eer ons hoogste norm. Ons moet

bely dat Christus lewend maak wie Hy wil, soos die Vader die dode opwek en lewend maak (Joh. 5:21). Die lewe op aarde bereik ook 'n versadigingspunt. Ons lees van Abraham, Isak en ander wat oud en afgeleef gesterf het (Gen. 25:8, Gen. 35:29). Daarom mag ons as dokter en verpleegster by die sterfbed saam met die pasiënt die eer aan die Here gee, wat die lewe gegee het en die ewige lewe beloof het. Dan staar ons ons nie blind op die menslike liggaam wat kwyn nie en soek nie krampagtig en fanaties rond op soek na nog 'n moontlike geneesmiddel nie.

### Die dokter en die verpleegster as priester

As priester mag ons agter Christus aan die gawes wat Hy ons gee, gebruik vir die versorging van die pasiënt. Dit is belangrik dat ons as dokters en verpleegsters die hoop en gerusstelling aan die pasiënt gee dat alles gedoen sal word om lyding te verminder op grond van die belofte van die Here dat Hy ons sal lei tot die dood toe (Ps. 48:15). Priesterlik het die Here ons ook aangestel oor die lewe wat volgens moderne maatstawe nie 'n "hoë kwaliteit" het nie, bedoelende mense met liggaamlike of psigiese gebreke. Agter Christus aan het ons hier juis wel 'n groot versorgingstaak.



As priester mag ons agter Christus aan die gawes wat Hy ons gee, gebruik vir die versorging van die pasiënt. Versorging behels pynverligting, beheer van liggaamsfunksies soos urine en stoelgang, hidrasie, voeding en algemene liggaamshigiëne. Dit beteken

ook dat ons wat hierdie pasiënte versorg, sal studeer om op hoogte te bly van middels waarmee optimale versorging gebied kan word; om bewus te wees van al die gawes wat Christus ons gee. Dit is ons priesterlike taak om bekend te raak met die beskikbare metodes van pynbehandeling, doserings vir voldoende pynverligting, nuwe-effekte van middels en hoe om dit te verminder. Benoudheid, naarheid en jeukerigheid kan byvoorbeeld goed beheer word. Ons moet ook die pasiënt inlig oor die nuwe-effekte, soos byvoorbeeld die invloed op die bewussyn deur

sekere pynstillende middels. Soms sal pasiënte meer pyn wil verdra om geestelik helderder te kan wees. Om hierin 'n balans te vind, is kennis en navorsing nodig. Om jou in te werk en verdere navorsing oor hierdie versorgingstaak te doen, is deel van die opoffering wat die Here van ons as priesters vra.

Indien 'n terminale siekte vasgestel is, kan versorging tuis plaasvind. In 'n Christelike huis is daar geborgenheid en warmte. Hier kan 'n mens ook nog deel wees van die huislike roetine en kan die pasiënt sy/haar taak waarskynlik beter uitvoer. Sterwendes kan hulle nog dikwels interesseer in die gewone daaglikse dinge en geweldig baie beteken vir byvoorbeeld die kinders in die huis of dié wat op besoek kom. Om aan hulle van die Here te vertel en van sy groot daad, of om hulle op hul lewenstaak te wys, is 'n baie belangrike werk. Verpleeghulp en die toedien van pynverliggende middels kan ook baie sinvol by die huis gereël word.

Dit is belangrik dat ons as dokters en verpleegsters die hoop en gerusstelling aan die pasiënt gee dat alles gedoen sal word om lyding te verminder op grond van die belofte van die Here dat Hy ons sal lei tot die dood toe (Ps. 48:15). Ons lees in die Ou Testament van die geneesheer wat met olie en balsem uit Gilead baie lyding versag het (Jer. 8:22). Christus het ook die oë van die man wat blind was van sy geboorte af, met klei gesmeer. Daarna moes hy hom in die badwater van Siloam gaan was.

Hiermee het Christus ook aangedui dat die middel wat gebruik word, belangrik is. Dokter Lukas beskryf die gebruik van olie en alkohol deur die barmhartige Samaritaan op die wonde van die halfdooie reisiger (Luk. 10). Olyfolie is in Palestina vir allerhande doeleindes gebruik en het definitief 'n pynverliggende en bloedstollende effek as dit op wonde gebruik word. Alkohol het, behalwe 'n pynverliggende, ook 'n ontsmettende effek. Vandag, 2000 jaar later, het Christus ons in sy genade toegerus met nog kragtiger middels soos morfine, anti-inflammatoriese middels, anti-naarheid- en diarreemiddels, ontsmettingsmiddels, antibiotika en nog veel meer.

Al hierdie middels mag ons priesterlik inspan om die pasiënt ten beste te kan versorg. Waarom mag ons dit doen? Sodat die pasiënt, al is sy siekte terminaal, nog soveel moontlik sy taak mag uitvoer op sy sterfbed. Ons bely in Artikel 12 van die NGB (Nederlandse Geloofsbelijdenis) dat die Here al sy kinders onderhou en regeer na sy ewige voorsienigheid en deur sy oneindige krag, SODAT DIE MENS SY GOD KAN DIEN. Die werk van dokters en verpleegsters, die gebruik van middele soos morfine vir pynver-

ligting, die narkose, die chirurgiese vaardigheid in teater, X-strale, driptoestelle, spalke, die arbeids- en fisioterapeutiese hulp, ens., wat ingespan word by 'n terminale pasiënt, of pasiënt wat ernstig seergekry het in 'n motorongeluk, is alles daarop gemik dat die pasiënt sy God kan dien. Hoe dit sal uitwerk is in God se hande, of die pasiënt Hom nog op aarde of in die hemel sal dien.

Priesterlik het die Here ons ook aangestel oor die lewe wat volgens moderne maatstawe nie 'n "hoë kwaliteit" het nie, bedoelende mense met liggaamlike of psigiese gebreke. Agter Christus aan het ons hier juis wel 'n groot versorgingstaak. Christus het en sorg nog steeds vir die verlamdes, blindes, dowes, melaatses en gebreke kindertjies. Christus beskaam ons humanistiese gees as Hy belowe dat Hy nie die geknakte riet en die dowwe lampfit sal uitblus nie (Jes. 42:3, Matt. 12:20).

As dokter en verpleegster mag ons ook vir en saam met ons pasiënte bid. Ook hierdie offer vra die Here. Bid vir die gewenste effek van die pynmedikasie en ander middele, ja, ook die klein dingetjies in die versorging. Christus verbind aan die gebed van die gelowige ryke beloftes van verhooring.

Ten slotte mag ons as onvolmaakte priesters wys op ons volmaakte Hoëpriester, Jesus Christus, wat nie sluimer of slaap nie!

### **Die dokter en die verpleegster as koning / stryder**

As onderkonings het ons die taak om die lewe van die pasiënt te beskerm, waaroor die Here as Koning soewereine mag het. "Ek maak dood en maak lewend" (Deut. 32:39).



As dokter en verpleegster het die Here ons die koninklike taak gegee om die terminale lewe wat ons versorg, te beskerm. Ons liggaam is 'n tempel van die Heilige Gees (1 Kor. 6:19). Die Here het alle mense op 'n wonderlike manier geskape (Ps. 139). Ons lewe is 'n geskenk van die Here. God gee aan

ons die lewensasem (Job 27:3). Ons tye is in sy hand (Ps. 31:16). Omdat die lewe van God kom en Hy dit wil beskerm in 'n sondige wêreld, verbind Hy die sesde gebod daaraan: jy mag nie dooslaan nie. Dit geld ook vir die dokter en die verpleegster by die sterfbed van 'n pasiënt met eindstadium-kanker of 'n pasgebore baba waar geen hoop op lewe bestaan nie. As onderkonings het ons die taak om die lewe van die pasiënt te beskerm, waaroor die Here as Koning soewereine mag het. "Ek maak dood en maak lewend" (Deut. 32:39).

As konings mag ons ook Christus volg en stry teen die laaste vyand, die dood. Christus het ons daarvoor toegerus met baie wapens. Ook die moderne wetenskap tel hieronder. Dikwels kom 'n mens tydens 'n noodoperasie onder die indruk van hierdie stryd. Dan mag ons al die kennis en middele inspan om die vernietigende proses van die dood in die liggaam te stuit. Narkosemiddels, vogterapie, chirurgiese vaardigheid, kennis van die normale anatomie en fisiologie, bloedtoetse, ens., mag ons gebruik as konings / strydere teen die laaste vyand.

Die stryd van dokters en verpleegsters is ook teen hulle eie hoogmoedige selfbeeld. Ons is onderkonings en diensknegte van Christus. Die dienskneg is nie groter as sy Heer nie. 'n Dienende houding met die belydenis van Christus as die groot Geneesheer is belangrik. Dan laat ons ook die tye van ons pasiënte oor in sy hand. As onderkonings kan ons daarom nie deelneem aan eutanase en geassisteerde pasiënt-doding nie.

So word die taak van die dokter en die verpleegster by die versorging van die sterwende 'n pragtige taak agter Christus, ons Koning aan. Ons mag dit doen op God se eer gemik, met sy beloftes in ons hart en in ons mond en met die middele wat Hy ons aanreik in ons hand.

Prof J M Boon (1970–2004)

Afsnydatum vir die volgende uitgawe van KOMPAS:  
8 Mei 2013

Artikels moet na volgende e-posadres gestuur word:  
kompas@vgk.org.za

# Kaethe von Bora: steunpilaar in die Reformasie ( 2)

## Geskiedenis en kerkgeskiedenis

### Kinderseën

Maarten Luther en Kaethe kry 'n aantal kinders aan wie hulle 'n Christelike opvoeding gee. Die tye is swaar en Luther kry dikwels die skuld vir opstande.

In Junie 1526 word Johannes (na Johannes die Doper vernoem) gebore. 'n Welgeskape seun. Hans bring vir Luther en Kaethe ongekende blydskap. Luther vind dat die Here hom deur hierdie kindjie baie wysheid leer. Kaethe geniet die moederskap intens. Haar eie tante Lene wat ook die klooster verlaat het, kom woon by hulle in en help met die versorging van Hans en die latere kinders. Elisabeth (vernoem na Johannes die Doper se moeder), die tweede baba, sterf jonk as gevolg van swak gesondheid. In 1529 word daar weer 'n dogter gebore, Magdalena. Luther stap graag met die kleintjie in sy arms rond en sing met sy diep baritonstem allerhande liedjies wat hy self uitdink. Soos wat die kinders groter word, kry hulle privaat onderwys. Die gesin kom elke dag saam om Bybel te lees, te bid en te sing. Later word daar nog twee seuns en 'n dogter gebore: Maarten, Paul(us) en Margaretha. By die doop word daar vir elke kind 'n hele paar peetouers aangewys, gewoonlik van hoë aansien en edeles. Die kinders ontvang geskenke en silwer doopbekers.



Pluimvee vir die tafel

Die tye is swaar. In Duitsland heers daar een en al onrus. Eers was dit die Duitse boere-opstande. Die Wederdopers sorg vir groot verwarring en baie van hulle word om die lewe gebring. In vele gevalle word die oorsaak van dié toestande aan Luther toegewys. Die Turke dreig vanuit die Ooste. Luther moet dikwels op reis na Ryksdae of om versoeningsgesprekke te voer. Dit is vir hom lewensgevaarlik. Die Here is sy "vaste burg" en hy word bewaar. Onder al hierdie omstandighede kan hy geweldig depressief raak, en hom grof en hard uitdruk oor die vyande. Hy ly ook enorme pyn. Hy bid dat hy mag sterwe. Om hom weer perspektief te gee, het Kaethe haarself op 'n dag in swart rouklere geklee. Toe Luther haar so sien, vra hy: "Wie is dood?" "God is dood", was Kaethe se antwoord. Luther sien toe sy kleingeloof raak en durf die lewe tog weer aan.

### Die pes in Wittenberg

Tydens die pes-epidemie in 1527 weier Luther om Wittenberg te verlaat. Hy en Kaethe ondersteun juis die pasiënte aktief.



'n Illustrasie in een van Kaethe se kruidboeke.

In 1527 word Wittenberg deur 'n pes-epidemie getref. Die keurvors vra dat die professore van die Universiteit van Wittenberg tydelik na Jena verskuif. Luther weier egter. Hy wil in Wittenberg bly en sy skape nie in die steek laat nie. Die keurvors en meer-

dere Protestantse leiers vra hom persoonlik om die stad te verlaat, omdat hy ter wille van die Reformasie nie gemis kan word nie. Hy het egter gebly. Die simptome van pes is groot septiese bulte wat in die okselholtes verskyn. Saam met Lucas Cranach berei Kaethe kruidmengsels wat hulle met asyn en water meng. Dié vloeistof moet in elke vertrek waar

'n pasiënt lê, aan die kook gehou word. Die hande moet ook gereeld met asynwater gewas word. Die Swart Klooster word oorvol met siekes. Luther is aktief en besoek siekes in hul huise. Sommige Wittenbergers het gevlug en hulle siek naasbestaendes aan hul lot oorgelaat. Daar was groot nood in die stad. Baie mense sterf, ook plaasdiere. Kaethe is gedurig op die been met haar medisyne, skoon linne en salf. Deur God se hulp en genade was die Swart Klooster ongedeerd toe die pes na 'n paar maande van Wittenberg gewyk het. Wittenberg is gedurende die Luthers se lewe nog drie maal deur die pes getref.

**Hoewel die finansies knyp, was Luther altyd vrygewig.**

Die finansies bly maar knyp. Die studente betaal nie altyd so gereeld hul kosgeld nie. Terwyl hulle skuld het, sal Luther vir 'n bedelaar wat aan die deur klop, 'n silwerbeker uit hulle huis gee om die man te help. Dit het Kaethe ontstel. Sy raas dan met Luther, maar hy het altyd 'n vrolike antwoord. En ja, daar is inderdaad baie keer weer uitkoms. Die koning van Denemarke voorsien hulle gereeld van botter en heuning. Soms stuur hy vleis, vis, vrugte of geld. Die keurvors is ook vrygewig. Kaethe het haar oog op 'n stukkie grond buite Wittenberg waar sy kan plant en saai en vis teel. Haar wens word ook vervul. Dit het in heelwat behoeftes voorsien.

In 1542 sterf Magdalena op 13-jarige leeftyd aan 'n onbekende siekte. Dit was 'n baie groot slag vir die hele gesin.

### Luther se dood en Katie se weduweeskap

**In 1546 sterf Luther. Kaethe se weduweeskap was nie geheel en al sorgeloos nie. Aan die einde van haar lewe was Psalm 139 vir haar besonder versterkend.**

Luther se gesondheid het agteruitgegaan. Tog verhoed dit hom nie om die stryd voort te sit nie. Keiser Karel V maak oorlog teen die Protestante. Kaethe vind Luther baie somber en hy praat dikwels oor die dood. Hy gaan weer op reis om in Mansfeld twee Grawe met mekaar te versoen. Kaethe is wanhopig. Die feit dat Luther sy oudste twee seuns, wat alreeds steunpilare is, saamvat, gee haar effense gemoedsrus. Sy kry gereeld briewe van hom. Hy spreek haar altyd aan met speelse titels soos: My lieve Herr Kaethe, Frau Doktorin Katherin Lutherin. Dit neem



*Die slotkerk in Wittenberg waar die 95 stellings aangebring is. Luther lê binne-in begrawe.*

egter nie haar sorg weg nie. Sy doen alles wat sy kan om hom te help, stuur medisyne en raad saam met die koeriers. Wanneer sy haar man aan die Here opdra, word sy rustig. Op die terugpad van hierdie reis sterf Luther in Eisleben (18 Februarie 1546), waarskynlik aan 'n hartaanval. Sy liggaam word met groot eerbewys

in 'n loodkis na Wittenberg teruggebring. Haar seuns kan haar presies vertel hoe alles gebeur het. Dit beteken vir Kaethe baie. Luther word in die slotkerk begrawe. Kaethe word nie gevrywaar van dreigemente dat vyande Luther se liggaam nie met rus sal laat nie. Hulle sal hom uit sy graf haal en sy liggaam verbrand. God het dit egter verhoed.

Kaethe se weduweeskap was nie geheel en al sorgeloos nie. Daar was probleme met die testament. Luther wou nie juriste betrek by die opstelling van sy testament nie en het dit deur sy vriende laat onderteken. Die testament is ongeldig verklaar. Kaethe moes 'n bittere stryd voer om haar eiendomme te behou. Die kanselier wou ook haar kinders aanvoegde toeken, wat op die ou end nie gerealiseer het nie.

Sy moes meer-male uit Wittenberg vlug vanweë die godsdiensoorloë en het tot drie keer toe weer teruggekom om die Swart Klooster geplunder te vind. Op een van haar vlugtelingreise



*Middeleeuse Wittenberg*

probeer sy die koning van Denemarke bereik, maar sy moes onverrigter sake omdraai. Elke keer probeer sy met God se hulp weer 'n begin maak. Met die vierde pes-epidemie wat Wittenberg getref het, het sy nie meer krag nie en vlug vir die laaste keer met

die kinders op 'n perdewa na die suide. Die perde het op pad onrustig geraak oor iets. Kaethe het van die wa afgesprong om hulle te probeer kalmeer. Sy het baie sleg geval en in 'n riviertjie beland. 'n Boer het haar te hulp gesnel en haar uit die water getrek. Die kinders het haar met komberse toegemaak en weer op die wa gekry. Haar inwendige beserings was baie ernstig. Daar was vriende in die nabyheid in die dorpie Torgau, die Grünewalds. 'n Dokter is haastig ontbied. Die beserings was van so 'n aard dat hy nie veel kon doen nie. Die Grünewalds het Kaethe vir 'n paar maande liefderyk versorg. Haar kragte het gaandeweg verswak.

Kaethe het nou tyd gehad om oor haar lewe na te dink. Baie ure word bestee aan Bybellees. Psalm 139 is vir haar besonder versterkend. Tydens haar lewe het daar baie golwe oor haar heengegaan, maar God het haar altyd gehelp. Sy mog 'n hulp wees vir haar man. Hoe het God hom nie gebruik om reformasie in die versteende Rooms-Katolieke kerk te bring nie! Sy dink terug aan die tyd in die klooster. Hoe sy deur Luther se geskryfte mog leer dat die regverdige deur die geloof alleen sal lewe. Daar was baie stryd nodig om hierdie waarheid neerslag te laat vind. Haar man was onverskrokke. Met God se hulp mog sy hom in dié stryd ondersteun.

Toe die sterwensuur aanbreek, was Kaethe se kinders om haar bed. Die laaste woorde wat sy duidelik gesê het, was: "Ek wil aan Christus vasklou soos wat 'n grassaad aan 'n jas vassit".

*God is 'n toevlug in die nood,  
'n rots wat altyd vas bly staan,  
al dreig die vyand met die dood,  
al storm sy leërbendes aan.  
Laat dan maar buig en beef  
al wat ons hier omgeef;  
laat berge uit hul stee  
wegwankel in die see –  
ons sal nie beef of rugwaarts gaan.*

**Truus Boon** is lid van die Vrye Gereformeerde Kerk Johannesburg

Gebuurde literatuur:

**Het laatste Geheim**, deur Ursula Sachau. Houten, Den Hertog, 2000. (Uit Duits vertaal).

**Katie van Bora, de vrouw van Luther**, deur Charles Ludwig. Leiden, Groen en Zoon, 1990. (Uit Engels vertaal).

## Hemelvaart

Loof Christus, roem sy wonderdade,  
sy almag, liefde en genade.  
Hy't na die Vader opgevaar,  
Maak daar vir ons 'n woonplek klaar  
Dat ons ook deur Hom op kan staan  
En dankbaar na die Vader gaan.

Hy is ons Voorspraak by die Vader,  
Deur Hom tree ons vrymoedig nader.  
Hoe groot ons sondeskuld ook is,  
Volkome word dit uitgewis.  
Wie soek, sal vind; wie klop in hoop,  
Vind so die poort na God toe oop.

Hy hoor die dank- en smeekgebede  
Van ons, sy swakke aardse lede.  
Hy toon aan ons sy trou en mag -  
Sy las is lig, sy juk is sag.  
Het ons nie raad nie, weet ons dit:  
Hy is by ons, Hy leer ons bid.

Loof Christus, roem sy wonderdade -  
Hoe groot sy liefde en genade!  
Hy heers omhoog en wêreldwyd.  
Hy vestig hier sy koninkryk -  
Ontelbaar hul wat op kan staan,  
Vrymoedig na die Vader gaan.

Huis Amandelboom: Netjiese eenpersoonskamer met privaat badkamer beskikbaar vir bejaarde persoon. Prys R4470 per maand, drie maaltye, wasgoed en skoonmaak van kamer ingesluit. Huis Amandelboom Bejaardesentrum is gebaseer op 'n gereformeerde grondslag en is geleë in rustige omgewing met mooi tuin in Rietfontein Pretoria. Vir meer besonderhede, skakel Lien 083-504 7757

U kan in Kompas klein advertensies plaas. Enkel plasing: gratis. Meerdere plasings: R10 elk (die eerste een is nog steeds gratis). Kontak die administrasie: [kompas.admin@vgk.org.za](mailto:kompas.admin@vgk.org.za)

# Onderwysing in die Christelike leer

## Geskiedenis en kerkgeskiedenis



### Inleiding

Op 19 Januarie 1563 skryf die keurvors van die Pfaltz ('n landstreek in die suidweste van Duitsland), Frederik III, die voorwoord van die *Heidelbergse Kategismus* of *Onderwysing in die Christelike Leer*. Hierdie kategismus was reeds goedgekeur deur die Heidelbergse Sinode wat kort daarvoor vergader het. Die datum 19 Januarie 1563 word algemeen aanvaar as die geboortedatum van hierdie kerklike geskrif. Dit was in Januarie van hierdie jaar dus 450 jaar gelede. 'n Baie belangrike datum, want tot op ons tyd beklee daardie Kategismus nog altyd 'n vooraanstaande plek as belydenisgeskrif en leerboek vir die onderrig aan die kinders (en aan volwassenes) in die kerke wat trou wil bly aan die Woord van God.

Was dit dus die opstellers van hierdie geskrif of Frederik III wat gesorg het vir die voortgang van die ware evangelie? Nee, ons bely dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente vergader, beskerm en onderhou van die begin van die wêreld tot die einde toe. Christus doen dit deur sy Woord en Gees en daarby maak Hy gebruik van

mense en ook van geskrifte. En as sodanig, dus as 'n dokument van die sorg van Christus oor sy kerk, is ons nog altyd dankbaar dat ook die Heidelbergse Kategismus (HK) in daardie vergaderingswerk 'n plek gekry het.



Frederik III, 'Die Vrome'

### Ontstaansgeskiedenis

Dit was 'n besondere feit dat in die Pfaltz se hoofstad Heidelberg 'n kategismus geskryf en uitgegee is met 'n Calvinistiese agtergrond. Want in Duitsland het wel die werk van die Reformasie van die kerk begin en van daaruit het dit ook versprei na ander lande. Maar diegene wat gegryp is deur die waarheid van daardie Reformasie, het *Martin Luther* gevolg en het oor die algeheel (afgesien van doperse sektes) tot die Lutherse Kerk behoort.

In die Pfaltz het in 1559 Frederik III *keurvors* geword as opvolger van sy neef Otto Hendrik. Dit was 'n belangrike funksie, want vanaf die middel van die 13de eeu tot 1806 is die Duitse koning of keiser gekies deur sewe en later tien keurvorste. Hulle het dus 'n nog hoër pos beklee as ander vorste oor die destydse Duitse deelstate.

Met die ontstaan en voortgang van die Reformasie in Duitsland het die verskillende vorste uiteraard onderskeie keuses gemaak. Nou was reeds in 1555 in Augsburg 'n sg. religievrede gesluit. Daar het tussen Protestantse en Roomse Duitse landsvorste 'n godsdienstvrede tot stand gekom wat later genoem sou word met die Latynse woorde *cuius regio, eius religio*. Dit beteken dat in elke landstreek die godsdienst wat die landsvors aanhang, die heersende een sou word. As die vors die Protestantisme aangehang het, sou dit die heersende godsdienst word. Eenselfde gedragsslyn sou gevolg word in die geval van 'n vors wat tot die Rooms-Katolieke Kerk behoort het. Die onderdane wat moeite met hierdie reëling gehad het, kon na 'n ander landstreek uitwyk. Hierdie verdrag het egter net betrekking gehad op Lutherane en Rooms-Katolieke.

Na die bewindsoorname van Frederik III het sake in die Pfaltz verander. Die Pfaltz het reeds as 'n Lutherse gebied bekend gestaan. En ook Frederik III was in 1559 'n lidmaat van die Lutherse Kerk. Maar daar was onderlinge geskille binne daardie geleedere. Dit het veral gehandel oor die nagmaal. Sommige hoogleraars van die Heidelbergse Universiteit het streng vasgehou aan die opvatting van Martin Luther self (wat geleer het dat Christus liggaamlik aanwesig was in en onder die tekens van brood en wyn) en ander het geneig in die rigting van Zwingli (sterker nadruk op die element van gedagtenis en die simboliese betekenis van die nagmaal). Nou ja, ook ons

ken ongelukkig die felheid waarmee so 'n geskil dikwels gepaard gaan. In elke geval – dit het Frederik III daartoe gebring om in 1560 'n dispuut te laat plaasvind tussen verskillende teoloë en selfs ook ander. Dit het by die keurvors tot 'n kentering gelei



Zacharias Ursinus

en in 1561 het hy met volle oortuiging die Skriftuurlike, gereformeerde leer bely. Behalwe die geskille oor die nagmaal het Frederik ook ander misstande raakgesien en bestry. Dit het hom in later tyd die ere naam besorg van 'Die Vrome'.

Veral ook die geestelike toestande onder die jeug het die keurvors daartoe gebring om, in navolging van ander, 'n *kategismus* te laat opstel om die jongmense in te lei in die Skriftuurlike leer. As opstellers van daardie *kategismus* word gewoonlik twee name uitgesonder – *Zacharias Ursinus* en *Caspar Olevianus*. En inderdaad het veral Ursinus die skryfwerk gedoen, maar ander het dit begelei, tot selfs 'n mediese professor toe.

Doel van die *kategismusse* was nie net onderwysing van die jeug nie, maar ook om 'n vaste koers aan te gee vir ouers, skoolmeesters en predikante.

Doel van al hierdie arbeid was nie net onderwysing van die jeug nie, maar ook om 'n vaste koers aan te gee vir ouers, skoolmeesters en predikante. Om hierdie doel te bereik was predikante verplig om by elke oggend-erediens 'n gedeelte van die *kategismus* duidelik voor te lees sodat dit in nege kere deurgelees kon word. In die middag- of aanddiens moes die prediking aan die hand van die *kategismus* plaasvind. Sommige seuns of meisies moes dan die vrae wat hulle by die huis of by die skool geleer het, in die openbaar resiteer. Dikwels was daarvoor (uiteraard) min lus, sodat die kinders uit weeshuise daarvoor uitgekies is. *Kategismus*-prediking is dus baie oud, want reeds voordat hierdie gebruik in die Pfaltz ingevoer is, was dit in ander lande bekend, soos by die vlugteling-gemeente in Londen waar gepreek is aan die hand van die *kategismus* wat deur A Lasco opgestel is.

## Aanname en verbreiding

Ondanks teenstand word die HK in baie stede en lande aanvaar. Spoedig word dit vertaal en na 'n paar dekades is reeds 'n honderdtal drukke op die mark gebring.

Soos gesê was vantevore die nuwe *kategismus* deur 'n sinode van die Pfaltz deurgeneem en goedgekeur. Ook daarom kry dit onmiddellik 'n goeie ontvangs. Reeds in 1563 verskyn 'n 2de en 3de druk. In die daaropvolgende 4de druk word op aandrang van Olevianus die bekende en omstrede vraag en antwoord 80 (oor die verskil tussen die nagmaal en die Roomse mis) ingevoeg.

Ondanks teenstand word die HK in baie stede en lande aanvaar. Eers verskyn dit in Duits, maar spoedig word dit vertaal en na 'n paar dekades is reeds 'n honderdtal drukke op die mark gebring. In Frankryk, Engeland en Skotland word hul eie *kategismusse* aangehou (in Frankryk die *kategismus* van Calvin), maar in ander omliggende gebiede kry die Heidelbergse die voorrang.

Veral ook in Nederland. Reeds in 1563 verskyn twee vertalings in Nederlands, een daarvan deur die bekende Petrus Dathenus wat ook 'n psalmberyming uitgegee het. En daardie vertaling is in die Nederlandstalige gebied alom gebruik. In die Pfaltz en omliggende gebiede was daar Nederlandse vlugtlinge wat meegewerk het aan 'n snelle verbreiding in hul vaderland.

Kerklike vergaderings neem ook kennis en reeds die Konvent van Wesel in 1568 verklaar dit as 'n formulier van enigheid. Die sinode van Emden wat in 1571 gehou is, bevestig die uitsprake van die Konvent van Wesel. Sinodes wat in Nederland vergader het, het hierdie uitsprake bevestig en uitgebrei met bepalinge oor gebruik by die skole en oor *kategismus*-prediking. Die sinode van Dordrecht (1618/19) het in die eerste plek die funksie van die Heidelbergse *Kategismus* as formulier van enigheid volledig gehandhaaf. Alle ampsdraers, hoogleraars, regente en onder-regente van teologiese instellings, rektors, skoolmeesters en sieketroosters moes deur ondertekening hulle instemming daarmee betuig. Die buitelandse afgevaardigdes het die *kategismus* geroem en verklaar dit is volledig in ooreenstemming met die Skriftuurlike leer. Wat vorige sinodes besluit het insake die *kategismus*-prediking word ook beaam en dit word in die kerkorde opgeneem. Daar is wel opgemerk: in baie gemeentes is dit moeilik, omdat die predikante partykeer nalatig is of ook teenstand bied (die Remon-



strante). Maar dit is juis 'n aanmoediging om daarmee vol te hou, ook al sou net die predikantsgesin die dienste bywoon en so die goeie voorbeeld gee. Ten slotte die kategese – daar moet drieërlei katekisasie wees: by die huis deur die ouers, by die skool deur die skoolmeesters en in die kerk deur die predikante en katekiseermeesters. Die onderwysers kry nog 'n taak: hulle moet sorg dat die kinders getrou die kategismus-prediking volg, wat kort en bevatlik moet wees.

Hierdie besluite van die Dordtse sinode het ryke vrug gedra. Die kerke het juis deur die leiding wat van 'n geskrif soos die HK uitgegaan het, koers gehou, ook in tye van kerkverval. Dan moet juis na die gesonde leer teruggegaan word.

Vanuit Europa het die Kategismus ook na ander lande en wêrelddele versprei. So het dit ook aan die suidpunt van Afrika 'n vaste plek verkry. Ook toe daar nog geen vaste kerklike organisasie tot stand gekom het nie, het die *sieketroosters* dit hier gebruik vir kategetiese onderrig en die prediking. Hulle het nl. as studiemateriaal saamgekry – behalwe die Bybel – onder andere die *Huysboek* van Bullinger (die opvolger van Zwingli in Zürich), die groot Kategismus van Ursinus (die *Skatboek*) en vir die eredienste 'n bundel preke van Philippus Lansbergen.

Reeds W.B. Wylant, die eerste sieketrooster wat in 1652 voet aan wal gesit het in die Kaap, vermeld hy het 'n begin gemaak met die katekisasie en die godsdiensoonderrig aan die jeug. Die een week het hy 'n preek gelees oor 'n teks uit die Bybel en die ander Sondag 'n kategismusprek uit die genoemde boek van Lansbergen. Hy het dan die jongmense die vrae laat opsê wat hulle met twee of drie tekste uit die Bybel moes bewys. Kategismusprediking dateer in ons land in elk geval reeds van 1652 af.

### Inhoud en vorm

Die groot invloed wat die HK in die loop van die eeue uitgeoefen het, is veral ook as gevolg van die inhoud en vorm van hierdie belydenisgeskrif. Dit moes wees 'n eenvoudige leerboek van die belydenis van die kerk. *Dit* het die invloed en vorm bepaal.

Voordat die finale teks vasgestel is, het Ursinus selfs twee ontwerpe van 'n leerboek opgestel. Daar was wel onmiddellik die vorm van vrae en antwoorde, maar dit was meer afstandelik gestel, soos: "Wat is die oorsprong van die sonde?"; "Wie is God?"; "Wat is die doop?", ensovoorts. Wat die laasgenoemde vraag betref, kan ons dit vergelyk met die latere weergawe soos wat ons dit nou nog vind in Sondag 26, vraag 69: "Hoe word jy in die heilige doop daarop

gewys en daarvan verseker dat die enige offer van Christus aan die kruis jou ten goede kom?" Laasgenoemde doen 'n direkte beroep op eie hart en lewe. Hieruit blyk dat die verwyte van afstandelikheid wat deesdae soms gehoor word, nie tereg is nie. Die Heidelbergse het direk aangesluit by die Skrif en die ou belydenisse. Om van daaruit deur te dring tot die diepste grond van ons lewe. Ook al is daar deesdae baie vrae wat ons aandag vra, ons sal altyd terug moet gaan na en uit moet gaan van die leer van die Skrifte soos die HK dit ook onderwys. Anders dreig die gevaar van afval.

**Klaas Bijzet** is lid van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad

### 'n Pinkstergebed

Leer my, Heer, U wil en weë;  
Lei my op die regte pad;  
Wees 'n Lig in donker tye;  
Bring my in die Hemelstad,  
Waar geen doodsvallei meer is nie ---  
Maar net lig van U sal straal:  
In die Goudstad wat van bowe  
Op die aarde neer sal daal.

Leer my, Heer, U Woord en wysheid,  
en gehoorsaam so te wees,  
Dat die soete liefde leiding  
Van Uself, o Heil'ge Gees,  
Deur my spreek met taal en uitleg,  
onderskeiding en geloof,  
En genades van genesing,  
Jesus naam met krag te loof.

Skenk my al die liefdegawes,  
van U Heil'ge Gees, o Heer;  
Sodat ek ook eens vir ewig  
saam met Jesus sal regeer  
In die wonderskone Goudstad,  
Waar die Here plek berei;  
In die huis met baie wonings;  
Vir Sy kinders en ook my.

*Geskryf deur Joffie Janse van Rensburg  
op 10 Augustus 1952  
([www.gedigtebundel.co.za](http://www.gedigtebundel.co.za))*

# ‘n Nuwe pous

## In Pers-pektief



Pous Franciscus

“Habemus Papam!” (Ons het ‘n pous!)

Miljoene mense het toegekyk hoedat ‘n wit rook-pluim optrek uit ‘n eenvoudige skoorsteen bo-op die Sistine Kapel in Rome, die teken dat ‘n nuwe pous verkies is. Vanuit die skare op die St. Petersplein het daar ‘n gejuig losgebars. Oral in die stad het kerkklokke gelui. Joernaliste wat die gebeurtenis moes dek, het asem opgehou. Wie is dit? Wie gaan die nuwe pous van die Rooms-Katolieke Kerk wees? Sê wat jy wil oor die Vatikaan se mense, hulle weet hoe om die spanning te laat oplaai!

Meer as ‘n halfuur later het die senior diaken op die balkon verskyn en aangekondig: “Habemus Papam!” (Ons het ‘n pous!) Toe Kardinaal Jorge Bergoglio, alias Pous Franciscus, uitkom om homself onder die spreiligte aan die skare op die St. Petersplein voor te stel, het hy ‘n emosionele ontvangs gekry. Rooms-Katolieke regoor die wêreld was verheug, veral in Latyns-Amerika. In Argentinië, Bergoglio se tuisland, is daar tot laatnag feesgevier.

Gereformeerde gelowiges kan so ‘n skouspel slegs met gemengde gevoelens gadeslaan. Aan die een kant is daar iets bemoedigends daaromtrent as ‘n mens sien hoedat die wêreld angstig wag dat die naam van die nuwe pous bekendgemaak word. Is dit nie dalk ‘n teken dat die wêreld besef dat die kerk ten spyte van alles tog belangrik is nie? Aan die ander kant is daar fout as daar soveel aandag gegee word aan iemand wat veronderstel is om niks meer as ‘n dienaar van Christus te wees nie. Inderdaad sou ‘n

mens wens dat Christus self soveel aandag kry as wat daar aan die biskop van Rome gegee word! Na afloop van die aankondiging het baie mense gewonder watter soort mens die nuwe pous is en wat sy verkiesing vir die toekoms van die Rooms-Katolieke Kerk beteken. Met sy eerste verskynings het die nuwe pous grootliks daarin geslaag om die bewondering van sy volgelinge te wen en selfs die respek van sommige joernaliste af te dwing. Hy het die skare in alledaagse taal toegespreek. Hy het gewys dat hy ‘n man van die volk is eerder as ‘n geestelike wat hom in ‘n kerkkantoor tuis voel. Berigte het begin verskyn oor sy reputasie as biskop in Buenos Aires, Argentinië. Daar is waardering vir sy besorgdheid oor die armes en sy voorkeur vir ‘n eenvoudige leefstyl.

### Bondgenoot of Antichris?

Vroeër het die gereformeerdes die pous as die aartsvyand van die kerk beskou. Kan ons die siening nog steeds handhaaf?

Hoe beoordeel ons die ontwikkelings in Rome vanuit ‘n gereformeerde perspektief? Daar was ‘n tyd dat gereformeerdes die pous beskou het as die aartsvyand van die ware kerk, selfs as die Antichris. Kan ons nog steeds daardie siening handhaaf by die aanhoor van berigte oor die nuutverkeuse pous se persoonlike geloofslewe? Soos sy onlangse voorgangers, wil dit voorkom asof Pous Franciscus ‘n man van gebed en integriteit is. In onlangse tye het die pouse van die Rooms-Katolieke Kerk getoon dat hulle van veel beter morele stoffasie gemaak is as die pouse van die Middeleeue. Het die tyd dan nou aangebreek om die ou verdeeldhede te vergeet en die pous as ‘n bondgenoot in die stryd te omhels? Hierdie vraag word selfs meer tersaaklik as ons in gedagte hou dat gereformeerdes hulself in dieselfde kamp as Rooms-Katolieke bevind met betrekking tot sommige dringende kwessies. Wat sake soos abortasie, genadedood, homoseksuele huwelike of vroue in die amp betref, het die Rooms-Katolieke Kerk die moed gehad om meer ontsag te hê vir die Woord van God as vir druk vanuit die sekulêre samelewing. Gevolglik het gereformeerdes wat politiek aktief is, gevind dat dit moontlik is om goed met Rooms-Katolieke saam te werk ten einde sekere politieke

doelwitte te bereik. Beteken dit nie dat ons samelewing vandag radikaal verskil van die toestand vyfhonderd jaar gelede nie, toe Hervormers soos Luther en Calvyn ware gelowiges uitgelei het uit 'n kerk wat korrupt en gedeformeer geraak het?

Ons kan nog verder gaan en oorweging skenk aan punte van ooreenstemming tussen die gereformeerde en die Rooms-Katolieke geloof. Ons deel teologiese oortuigings soos die leer van die Drie-eenheid en die leer van die twee nature van Christus. In die boeke van Pous Benedictus XVI oor 'Jesus van Nasaret' is daar veel wat ons kan waardeer. Insgeelyks was dit goed om die nuutverkose pous die 'Onse Vader' te hoor bid vanaf die St. Peterskerk se balkon (alhoewel dit 'n mens dwars in die krop gestee het dat hy dit dadelik met 'n 'Ave Maria' opgevolg het). Wat aanbiddingstyl betref, is daar iets gewyds aan die atmosfeer in 'n Rooms-Katolieke Kerk waartoe baie gereformeerdes aangetrokke voel. Onlangs het 'n gereformeerde broeder aan my vertel dat hy beïndruk was met die gewyde atmosfeer wat geheers het tydens 'n Rooms-Katolieke erediens wat hy bygewoon het. As 'n mens dit moet vergelyk met die taamlik informele en gemaklike atmosfeer in my eie gereformeerde kerk, het hy gesê, wil ek dit amper oorweeg om terug te gaan Rome toe.

### Beduidende probleme

Ten spyte van die positiewe aspekte, is daar egter steeds beduidende probleme wat die Rooms-Katolieke Kerk betref, nl. Maria-verering, leer van die Eucharistie en die Woord van God word nie met gesag bejeën nie.

Ten spyte van die positiewe aspekte, is daar egter steeds beduidende probleme wat die Rooms-Katolieke Kerk betref. John Piper was reg toe hy die volgende boodskap op *Facebook* geplaas het: "O, Here van waarheid en genade, laat 'n Pous aangestel word wat bereid is om die Katolieke Kerk in ooreenstemming met u allerheiligste Woord te reformeer." Inderdaad het die Rooms-Katolieke Kerk steeds nodig om te reformeer op sleutelgebiede van die Christelike lewe en geloof.

Kom ons wees spesifiek. Op watter gebiede het die Rooms-Katolieke kerk nodig om te reformeer? Nie noodwendig die gebiede wat deur die sekulêre samelewing uitgesonder word nie! Die media wil ons wysmaak dat die nuwe pous se grootste uitdagings die regte van vroue in die kerk en die probleem van seksuele misbruik is. Wat laasgenoemde betref, is

dit inderdaad 'n verskriklike probleem. 'n Mens kan argumenteer dat die Rooms-Katolieke Kerk 'n deel van die skuld moet dra weens sy weiering om afstand te doen van die vereiste van selibaatskap vir priesters, en weens sy traagheid om op te tree teen 'probleempriesters'. Maar watter seksuele misbruik ook al voorgekom het, tog is dit klaarblyklik nie iets wat die Rooms-Katolieke Kerk self onderskryf nie. Die punt is dat daar fundamentele probleme met die Rooms-Katolieke Kerk is omdat die Kerk *amptelik* stellings ingeneem het wat strydig is met, of die grense oorskry van, die Woord van God. Dit is in die besonder op hierdie gebiede waar reformasie nodig is. Kom ons kyk na drie van die belangrikste kwesies.



*Die nuwe pous lê 'n ruiker by die voete van die afbeelding van Maria*

Eerstens gee die Rooms-Katolieke Kerk steeds aan Maria, die moeder van die Here, 'n posisie wat nie in ooreenstemming met die Skrifte is nie. Die nuwe pous het dit duidelik gemaak dat hy hiermee voortgaan deur haar naam 'n paar keer te gebruik tydens sy eerste verskyning op die balkon van die St. Peterskerk. Een van die eerste dinge wat hy die volgende oggend gedoen het, was om vir die Maagd 'n ruiker blomme te bring. Die Vatikaan se webtuiste het as volg berig: "Hy het [die ruiker] neergelê by die voete van die afbeelding van Santa Maria Salus Populi Romani ('Beskermvrou van die volk van Rome'), wat ook bekend staan as 'Maagd van die Sneeu'. Pous Franciscus het tien minute lank daar gekniel en daarna die 'Salve Regina' gesing saam met diegene wat hom vergesel het."

Met betrekking tot Maria is daar drie amptelike leerstellings van die Rooms-Katolieke wat die grense oorskry van dit wat in God se Woord geskryf staan. In die eerste plek: die leer van die *Onbevleete Ontvangenis* (die gedagte dat Maria vanaf die

oomblik van haar ontvangenis in die moederskoot vry van die erfsonde gehou is). Tweedens: die leer van *Maria se hemelvaart* (die gedagte dat Maria aan die einde van haar lewe liggaamlik in die hemel opgeneem is). Derdens: die feit dat Maria as *Middelaar* beskou word (wat haar 'n Mede-Middelaar saam met Christus maak). Dit bots lynreg met wat ons bely in Artikel 26 van die Nederlandse Geloofsbelydenis omtrent Christus as ons "enigste Middelaar en Voorspraak". Deur vas te hou aan hierdie leerstellings ten opsigte van Maria maak die Rooms-Katolieke Kerk dit vir sy eie lidmate moeilik om in Christus as ons enigste Verlosser te glo.

Tweedens bly die leer met betrekking tot die Eucharistie steeds 'n groot knelpunt. Twee kernaspekte kan hier onderskei word. In die eerste plek: die leer dat die Eucharistie 'n *offer* is. Die Roomse Kerk sê in sy amptelike geskrifte dat die Eucharistie "die ware offer van die liggaam en bloed van die Here Jesus" is. Daar word geglo dat die Christus wat Homself op Golgota geoffer het, Homself nou deur die priester op die altaar offer. Tweedens: die leer van *transsubstantiasie*. Dit is die gedagte dat die substansie van die brood en die wyn tydens die Eucharistie verander in die substansie van die liggaam en bloed van Jesus, hoewel die voorkoms van die elemente dieselfde bly. Dit het enorme implikasies vir die erediens. Tydens 'n Gereformeerde Nagmaalsviering herinner die predikant die gemeente daaraan om nie net hulle oë te rig op die uitwendige tekens van die brood en wyn nie, maar om hulle harte op te hef na die hemel, waar Jesus Christus sit aan die regterhand van sy hemelse Vader (die sogenaamde *sursum corda*). Tydens 'n Katolieke erediens word daar aan die gelowiges gesê dat die brood die liggaam van Christus is (is!), en dat verlossing ontvang word deur die hostie uit die hande van die priester aan te neem. Gereformeerde eredienste fokus op die preek, omdat daar geglo word dat die Heilige Gees geloof hoofsaaklik in ons harte bewerk deur die getroue verkondiging van die Woord. Rooms-Katolieke eredienste fokus op die sakrament van die Nagmaal, omdat daar geglo word dat dit die middel is waardeur die Gees verlossing ingiet in die harte van die deelnemers.

'n Derde probleem met die Rooms-Katolieke Kerk is dat die Woord van God nie met die gesag bejeën word wat dit verdien nie. Die gesag van God se Woord word ondermyn deur die tradisies van die kerk wat in ere gehou word. Daar is weinig ruimte om

die geldigheid te bevraagteken van tradisies wat in die loop van die kerkgeskiedenis vorm aangeneem het. Wat belangriker is, is dat die gesag van die Bybel weggekalwe word as gevolg van twee leerstellings met betrekking tot die posisie van die pous. Eerstens: die leer van *pouslike oppergesag* (die gedagte dat die pous volle, hoogste en universele gesag oor die hele Kerk het). Tweedens: die leer van *pouslike onfeilbaarheid* (die gedagte dat die pous onmoontlik 'n fout kan maak wanneer hy 'n amptelike verklaring uitreik). Dit is die ou twispunt van die 16<sup>de</sup> eeu. Kardinaal Sadoletto het die mense van Genève opgeroep om terug te keer na die Kerk, wat volgens hom beteken het dat hulle hul aan die pous moes onderwerp. Calvyn het geantwoord: die Kerk is waar die Wêreld regeer.

**Om op te som:** Dit is die drie fundamentele dwalings in die leerstellige posisie van die Rooms-Katolieke Kerk: die leer met betrekking tot Maria, die Eucharistie en die pous. Deur hieraan vas te hou, maak die kerk dit in der waarheid vir haar eie lidmate moeilik om hulle geloof in Christus as ons enigste Heer en Verlosser te plaas.

Dit maak dit moeilik vir ons as Gereformeerde gelowiges om ons te verheug oor die verkiesing van 'n nuwe pous in Rome. Terwyl ons dankbaar is oor die persoonlike integriteit van die mans wat in onlangse tye as pouse gedien het, moet ons met John Piper saamstem: die Rooms-Katolieke Kerk bly steeds 'n Kerk wat drastiese reformasie nodig het. Mag die Here Pous Franciscus vir hierdie doel gebruik.

**Prof Arjan de Visser** is verbonde aan die *Canadian Reformed Theological Seminary* vertaal deur Lize Kampman, lid van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata Hierdie artikel het eerder verskyn in *Clarion*


Ons susterkerke in Kanada het na aanleiding van die 450-jarige bestaan van die Heidelbergse Kategismus 'n webwerf oopgemaak. Die webwerf se adres is soos volg:  
<http://www.heidelberg-catechism.com>

# Suid-Amerikaanse sosialisme

## Venezuela

### In Pers-pektief

Hugo Chávez het die “Bolivarianisme”, ook genoem die “Sosialisme van die 21e eeu”, ontwikkel en in praktyk gebring.



Hugo Chávez  
(28 July 1954 – 5 March 2013)

Op 5 Maart 2013 is die president van Venezuela, Hugo Chávez, oorlede op die betreklike jong leeftyd van 58 jaar (aan kanker). Hy was 14 jaar president. Chávez was ‘n besondere figuur in die internasionale politiek van die afgelope dekade. Hy was nie net ‘n opmerklieke persoon nie (hy het sy

internasionale politieke teenstanders in die openbaar “donkie” en “duiwel” genoem), maar ook sy politieke idees was opmerklik. Hy het die “Bolivarianisme”, ook genoem die “Sosialisme van die 21e eeu”, ontwikkel en in praktyk gebring. Sy ouers was onderwysers en te arm om hom te onderhou. Hulle het gereël dat sy ouma hom grootmaak en vir sy onderwys sorg. Tydens sy loopbaan as beroepsoldaat (kaptein in die weermag) het hy meer en meer betrokke geraak by maniere om arm mense in Venezuela op te hef en hulle te verlos van korrupte politieke leiers.

Venezuela was, net soos baie ander state in Suid-Amerika, vir baie dekades onder die politieke beheer van ‘n klein groepie rykes (oligargie), terwyl meer as die helfte van die bevolking onder die armoedegrens geleef het. Dit het ook min verander toe Venezuela ‘n belangrike internasionale olieprodusent geword het. Die inkomste uit die verkoop van olie het hoofsaaklik na die groot internasionale oliemaatskappye en na die politieke elite gegaan. Die armes het arm gebly. Dit was ‘n groot frustrasie vir Chávez.

Die Suid-Amerikaanse vryheidstryder Simón Bolívar (1783–1830) was vir hom ‘n inspirerende voorbeeld en Chávez het sy sosialistiese beweging dan ook na hom genoem: “Bolivarianisme”. Bolívar was ‘n generaal wat in die 19e eeu die vryheidstryd teen die

Spaanse imperialisme gevoer het, wat gelei het tot die onafhanklikheid van baie lande in Suid-Amerika (die land Bolivia is na hom vernoem). Chávez het die moderne imperialisme, en dan besonderlik dié van die VSA, gesien as ‘n groot kwaad in die wêreld, waardeur baie mense in baie lande arm bly. Hy het hom laat inspireer deur kommuniste soos Karl Marx, Lenin en Leon Trotsky. Sy groot held en vriend was Fidel Castro van Kuba, wat hom ook teen imperialisme en kapitalisme verset het.

### Nuwe Sosialisme

‘n Mens kan sê dat Chávez tot ‘n mate sukses gehad het met die implementering van sy sosiale ideale. Die armoedegrens het verminder van die helfte tot ‘n kwart van die bevolking.

Wat het Chávez bereik in sy 14 jare as president van die land? ‘n Mens kan sê dat hy tot ‘n mate sukses gehad het met die implementering van sy sosiale ideale. Hy het die demokratiese pad gevolg (al het hy in 1992 onsuksesvol probeer om ‘n militêre staatsgreep uit te voer). Hy het die armes verbetering van hul lot belowe en hulle het hom geglo en vir hom gestem. So kon hy die president van die armes word. Opmerklik is dat hy sy politieke beloftes ook nagekom het. In onderskeid met Kuba, was Venezuela ‘n land wat ryk was aan hulpbronne (olie). Hy kon die rykdom van die land aanwend om o.a. onderwys te verbeter en algemene gesondheidsorg in te stel (hy het 2 000 dokters uit Kuba ingevoer).

Hy het 1 200 privaat maatskappye, waaronder die olie-industrie, in die land genasionaliseer. Hy het onproduktiewe landbougrond van groot-grond-besitters onteien en vir die armes gegee. Daar het inmiddels meer as 100 000 staats-ondersteunde klein-besighede aan die gang gekom. Die maksimum-pryse van sekere voedselsoorte is ook deur die regering vasgepen. Van 2003 tot 2008 het die produktiwiteit van die land (GDP) amper verdubbel. Die armoedegrens het verminder van die helfte tot ‘n kwart van die bevolking.

In teenstelling tot kommunistiese lande soos China en die ou Sowjet-Unie het Chávez nie geglo in

staats-sentralisme nie, maar juis in de-sentralisasie van staatsmag. Hy het in stadswyke en dorpe gemeenskapsrade gestig om “deelnemende demokrasie” gestalte te gee. Hierdie rade dra aansienlike regionale verantwoordelikheid. Dit het die regering naby die mense gebring en hulle tot ‘n mate verantwoordelikheid gegee vir hul eie welsyn (hulle kan die dorpsbestuurders afdank en vervang as hulle nie hul werk doen nie). In teenstelling tot baie ander lande (soos Suid-Afrika), het hy nie ‘n nuwe ‘klike’ (oligargie) van politieke rykes gevorm nie, maar werklik moeite gedoen om die arm bevolking te help, op te lei en hulle ekonomies produktief te laat word. Gevolglik het die grootste (armste) deel van die bevolking vir hom gestem en is hy steeds weer as president herkies. Daar was ook negatiewe kenmerke van Chávez se beleid. Onverdraagsaamheid ten opsigte van politieke teenstanders het toegeneem en party van hulle is tronk toe na onbewese aanklagte van korrupsie. Persvryheid in die land het afgeneem. Buitelandse investering het vrywel opgedroog. Maar die bevolking sien dit as geringe offers vir die beter leefomstandighede wat hulle nou ervaar. Die vraag is of sy opvolger, soos die minder charismatiese Nicolás Maduro as interim president, hierdie beleid met dieselfde besieling kan voortsit.

### Punte van Lering

Wat kan ons leer van die Bolivarianisme van Chávez? In die eerste plek bly dit ‘n sosialistiese eksperiment wat nog maar jonk is. Daar was eerdere sosialistiese eksperimente, soos in die Joegoslavië van Tito, wat vanuit ‘n teoretiese oogpunt goed mag lyk, maar waar die harde werklikheid die ideale gekeer het. Daar is meerdere politieke leiers in Suid-Amerika (in lande soos Kuba, Bolivia, Ecuador, Nicaragua en tot ‘n mate in Brasilië en Argentinië) wat die grondgedagtes van die Bolivarianisme van Chávez deel. Maar daar is ook genoeg voorbeelde waar dit nie gewerk het nie, soos in Colombia, Chili, Peru en Panama. Die Suid-Amerikaners soek ‘n alternatief vir die kapitalisme van die VSA, en die Europese sosialisme vind hulle te kapitalisties en is vir hulle te duur. Hoe hierdie gedagtes in die praktyk vorm sal kry moet die komende dekades nog blyk. Die doelstellings van Bolivarianisme is (volgens Wikipedia) die volgende:

- Suid-Amerikaanse ekonomiese en politieke soewereiniteit (geen oorheersing deur die VSA)
- Politieke deelname op voetsoolvlak (geen sentrale regering ver van die mense af)
- Ekonomiese self-versorgendheid (nie afhanklik

- van ander lande wat betref voedsel of donasies)
- Besieling van mense met vaderlandsdien (nadruk op “diens” saam met “regte”)
- Gelykmatige verdeling van die inkomste uit nasionale natuurlike hulpbronne (nie slegs vir enkele aandeelhouers of grondbesitters)
- Uitroei van korrupsie
- Mense se belange kom voor staatsbelange en masjiene

Bostaande doelstellings kan as positief waardeur word. Maar daar is radikale onderdele van die Bolivarianisme wat nie reg is nie. Dit is o.a. die grootskaalse nasionalisering en onteiening van maatskappye en grond. Dit kom neer op staatsdiefstal, al is die eienendom nie steeds regmatig verkry nie. Maar ‘n positiewe element is dat die armes in die land weer hoop gekry het op lewensverbetering en dat die staat hulle ondersteun met die regte middele: onderwys, opleiding en beginkapitaal. ‘n Land soos Brasilië het ook gewys dat ver-inheemsing van kundigheid en tegnologie tot sukses kan lei. Maar net soos in die geval van Venezuela is dit afhanklik van ‘n rykdom aan grondstowwe. Waar dit ontbreek, soos in die geval van Kuba, werk hierdie vorm van sosialisme nie.

### Beoordeling

Wat is die Bybelse riglyne vir sosiale geregtigheid en is dit versoenbaar met Bolivarianisme? ‘n Goeie riglyn vir sosiale geregtigheid vind ons in die boek Amos.

Wat is die Bybelse riglyne vir sosiale geregtigheid en is dit versoenbaar met Bolivarianisme? ‘n Goeie riglyn vir sosiale geregtigheid vind ons in die boek Amos. Die profeet spreek die oordeel uit oor die volk Israel,



Simón Bolívar (1783–1830)

waar die arme verdruk word (Amos 2:6-8, 4:1-5, 5:11-12 en 8:4-7). Hulle geloof was nie in ooreenstemming met hulle dade nie (Amos 5:21-23). Die Here het duidelike opdragte gegee oor die versorging van die armes en behoeftiges (Israeliete sowel as vreemdelinge, werkers sowel as weduwees en wese) in die volk Israel (o.a. Eks.

23:11, Lev. 19:9-10, Lev. 23: 22, Deut. 24:12-15). In die Nuwe Testament word dit herhaal deur Jakobus (Jak. 5:1-6). Die oproep van die profeet Amos tot die volk Israel met betrekking tot hierdie Goddelike riglyne vir die behandeling van die armes klink duidelik: "Maar laat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom" (Amos 5:24).

Hoe moet ons dan in ons land en tyd die "reg laat aanrol soos watergolwe en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom"? Moet ons kies vir een van die "-ismes" (sosialisme, kapitalisme, kommunisme, Bolivarianisme)? Soos die woorde self reeds uitdruk, is hierdie "-ismes" onderskeidelik 'n verabsolutering van die sosiale, van die kapitaal, van die gemeenskaplike besit of van die idees van Simon Bolivar. Sodanige ideologieë is 'n verskraling van die werklikheid en kan lei tot misstande. As ons as gelowiges die laaste ses van die tien gebooe, in die positiewe gerigtheid van die Bergrede van die Here Jesus (Matt. 5-7: nie doodslaan, maar ..; nie begeer, maar...; ens.), toepas op ons naaste (in politiek, samelewing, kerk en bedryfslewe), dan sal die wêreld beslis 'n beter plek word vir almal. "Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle ook aan hulle doen; want dit is die wet en die profete" (Matt. 7:12). Dus as jy 'n werkgewer is, verplaas jou in gedagte in die plek van jou werknemer se belange en verantwoordelikhede, en omgekeerd. Die owerheid het die taak om die reg toe te pas – en verkieslik moet dit die Christelike reg wees. Dit beteken o.a. dat die owerheid die arme moet beskerm teen mense en stelsels wat onregverdig is, die owerheid moet sorg dra vir die armes en behoeftiges. Maar dit is nie net die taak van die owerheid nie. Elkeen van ons dra hierdie verantwoordelikhede. En armes, net soos ander mense, het nie net regte nie, maar ook pligte en verantwoordelikhede. Bolivarianisme, soos Chávez dit ontwikkel het, is nie die oplossing nie. Onteining sonder regverdige vergoeding is (gedeeltelike) diefstal. Maar belastingheffing en benutting van nasionale hulpbronne vir die ontwikkeling van armes in die land (veral deur onderwys en opleiding) is beslis 'n goeie saak.

### **Toepassing**

Sou die (aangepaste) Bolivarianisme in Suid-Afrika kan werk? Ek glo nie op kort termyn nie. Een van die vereistes is 'n besielde regering en politieke party wat nie op eie belang uit is nie, maar juis die armes wil ophef en hulle wil bystaan. As daar meer mense sou wees soos dr Mamphela Ramphele, dan sou die regte gesindheid wel daar wees, maar sy is ongeluk-

kig 'n uitsondering. Die huidige regerende party en sy kader-ontploffing in die staatsdiens beskik nie oor kundiges en vaardighede om van Bolivarianisme 'n sukses te kan maak in Suid-Afrika nie. Verder sal ook die grootste deel van die Suid-Afrikaanse bevolking 'n ander ingesteldheid moet kry: eerder self inisiatief neem, aanpak en opbou as afhanklik bly van staats-toelaes. Die bevolking moet 'n interne wil en dryfkrag hê om te verbeter. In hierdie opsig kan ons leer van die Venezolane.

Suid-Afrika het einde Maart 'n vergadering van die BRICS-lande in Durban gehou (die BRICS-lande is Brasilië, Rusland, India, China en Suid-Afrika). Dit is 'n forum waar ons eie politieke leiers van ander bevriende lande en ontwikkelende ekonomieë kan leer hoe armoede en opheffing van die bevolking wel aangepak kan word: skep goeie onderwys en opleiding, bou industrieë op en laat vrye vloei van kapitaal en kundigheid toe. Veral Brasilië is 'n land waarvan Suid-Afrika baie kan leer in hierdie opsig. Die groot voorbeeld waaruit ons en ons regering kan leer hoe dit nie gedoen moet word nie, sien ons in ons eie land oor die afgelope 18 jaar.

*Hans Moes is lid van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad*

 **Hurter Spies** Ing.  
prokureurs • attorneys

### **Prokureurs, Notarisse en Aktevervaardigers**

- Eiendomsreg
- Opstel van koopopreënkomste
- Registrasie van oordragte
- Advies met verkoop van eiendom
- Notariële waarmerkings
- Testamente
- Algemene regsadvies

Kontak: Willie Spies of  
Johan Hurter  
Telefoon 012-664-0708  
of epos [willie@hurterspies.co.za](mailto:willie@hurterspies.co.za)

**Stigting Woord en Wandel  
(Eienaar & Uitgewer)**

Gilles de Jager (voorsitter)  
Berend Kamphuis  
Dr Gerard Hagg  
Louise Ros (administrasie)

Posbus 31141, Totiusdal, 0134  
Tel: 012 332 0127  
Faks: 086 651 9719  
E-pos (stigting & administrasie):  
kompas.admin@vgk.org.za

**Drukker:**

Printburo (tel: 012 335 9134)

**Redaksie:**

Douwe Drijfhout (eindredakteur)  
Gerhard Bijker  
Marja Danielz  
Heleen Snijder

**Bladuitleg:**

Ilze van Houwelingen

**Taalversorging:**

Magriet de Mooij en Marijna Bijker

**Webmeester:**

Willemien Kleijn

**Redaksieadres:**

19de Laan 560,  
Rietfontein, 0084  
E-pos: kompas@vgk.org.za

**Advertensies:**

Navrae by die Administrasie

**Elektroniese betalings:**

Kompas, Capitec Rietfontein  
Takkode: 47 00 10  
Rek nr: 132 884 5972  
Tjeks moet asb. uitgemaak aan L.  
Ros. Onthou asb. om u lidnommer  
waar moontlik te gebruik by betalings.  
Betaalbaar voor/op 28 Feb 2013 asb.

**Intekengelde (per jaar):**

RSA per e-pos: R60  
RSA per hand: R120  
RSA per pos: R160  
Buiteland per e-pos: €10  
Buiteland per seepos: €30  
Buiteland per lugpos: €40


<http://kompas.vgk.org.za/>

Intekening moet asseblief skriftelik  
gekanselleer word. Kompas is nie  
aan kopiereg onderhewig nie.

# Mei Boekenuus

## By Boekenhout-Folmer kan ons nie glo dat die tyd so vinnig verbygaan nie – ons is al klaar in April!

As ons dink aan 2013 is een van die hoogtepunte definitief al die mense wat vinnig by die winkel instap om te kom snuffel, 'n geselsie aan te knoop of om sommer net te kom groet. Dis waarlik lekker om elkeen te sien! Verder is dit ook lekker om elke maand nuwe voorraad aan te koop en by ons reeds uitgebreide katalogus te voeg. Kom loer gerus in by die winkel, hetsy in persoon of deur e-pos – ons sal julle op hoogte hou van van die nuutste titels op die rak en ook van sakpas uitverkopings. Vir meer inligting, kontak [boekenhout@aros.ac.za](mailto:boekenhout@aros.ac.za) / 012 332 3227



*Het Commentaar op het Nieuwe Testament*  
*Het Commentaar op het Nieuwe Testament (CNT)* is 'n Nederlandse Bybelkommentaar-reeks geskryf deur verskillende skrywers. Die reeks is geskik vir gebruik as hulpbron by die maak van preke of om persoonlike Bybelstudie te doen. Elke skrywer is 'n spesialis op die boek of tema wat hy behandel. Prof. L. Floor van die GKSA is een van die medewerkers. Koop een uit hierdie reeks gedurende April of Mei en ontvang **10% afslag!**



### Nuut op die rak

*Onder die vaandel van die kruis*  
Ds Eric Kayayan

Ds Eric Kayayan, Franse predikant van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, het 'n besondere preekbundel in Afrikaans laat verskyn. Hierdie is 'n nodige preekbundel, nie net omdat soveel van ons kerke preekbundels nodig het vir leedsienste nie, maar ook omdat dit 21 preke bevat wat die geloofsgroei van elke gelowige kan verryk. Die temas van die preke beweeg vanaf die beskrywing van die Paasgebeure na die verduideliking van Christus se sentrale plek in die Openbaring en dan na die implikasies hiervan vir die lewe van gelowiges, ook wat ons sendingroeping betref.

Die opbrengs van die boek word aangewend vir bepaalde projekte van die Franse Radiobediening, die bediening waarby ds Eric betrokke is.

*Uittreksel uit 'n resensie deur Prof Henk Stoker*

**Slegs R165-00!**

'n Goeie boek is die een wat met groot verwagting oopgemaak en met groot wins toegemaak word.

~ Amos Bronson Alcott (*Table Talk*)